



Kollig

Desember 2022 Jaartal 37 Nummer 3

Geseënde Feesgety!





Terwyl nog 'n besige jaar einde se kant toe staan, is dit tyd om bietjie af te skakel en 'n welverdiende blaaskans te geniet voor die volgende jaar begin.

Dankie dat jy Sanlam as jou vennoot gekies het op jou finansiële reis. Soos altyd, is ons toegewyd om jou te help om vir die toekoms te beplan en jou finansiële doelwitte te bereik. Want ons weet dat jy vandag met sekerheid kan leef as jy seker is oor môre.

Geniet die vakansie! Mag dit 'n aangename tyd saam met familie en vriende wees.

Ons by **Juksta BlouSter** sien uit daarna om ons vennootskap in 2023 voort te sit.



Jan Hendrik Jacobs

Prinsipaal
071 895 1502



Ben Scott

Finansiële Beplanner
082 867 2786



Salomé Wessels

Finansiële Beplanner
083 371 5949



Frik Cloete

Korttermynversekering
082 951 6278



Antionette Cloete

Korttermynversekering
082 563 8148



Melanie Webb

Korttermynversekering
072 559 5184



Lewe met sekerheid

Finansiële Beplanning | Aftrede | Versekering | Gesondheid | Beleggings | Welvaart | Krediet

Sanlam Lewens is 'n Gelisensieerde Lewensversekeraar, Verskaffer van Finansiële Dienste en Geregistreerde Kredietverskaffer (NCRCP43)



As jy "Google"-loer, vind jy dat Winston Churchill aangehaal word as die persoon wat gesê het: *"If you're going through hell, keep going..."*

Dit is presies wat Kokanje se mense gedoen het en ons het heelhuids aan die anderkant van Covid-19 se pandemie-tonnel uitgekom! Nie net dit nie, maar daar is ook tydens inperking tuis nuwe tegnologie ondersoek en bemeester, wat gesorg het dat daar gereelde kontak met familie en vriende was om hulle te bemoedig. Ons breinselletjies het ander paadjies begin inslaan en ons kon verveling afweer en kalm en vergenoegd bly. (Sien die trotse kommentaar van Inwoners op **bladsy 21.**)

Sonder geliefdes (elders), dierbare bure en ander Engele in Kokanje, sou ons voornemens misluk het. (Sien bedankings op **bladsy 20.**)

Daar is egter Inwoners en hulle gesinne wat ongelukkig finansieel baie negatief geraak is, Kokanje moes verlaat en/of geliefdes gedurende daardie periode aan die dood of aan Covid-19 moes afstaan – soms sonder om behoorlik "totsiens" te kon sê. Ons bid dat julle mettertyd hierdie trauma en verlies sal verwerk en blymoedig sal voortgaan. Voorspoed daarmee!

In die September-**KOLLIG** is daar baie klem gelê op die

mees onlangse Intrekkers en in hierdie uitgawe is dit die beurt van, en val die kollig op veral 5 persone uit Kokanje se vroegste geskiedenis (1988 – 1998). Hierdie Sterre flonker steeds helder en gesels kortliks oor hulle lewens en werksaamhede aan die Kokanje-uitspansel. (**Bladsye 26 – 27.**)

Die **KOLLIG**-redaksie en alle medehelpers het daarin geslaag om die moraal van Inwoners hoog te hou tydens die pandemietyd en by hernuwing vestig ons u aandag op die doelstellings van ons unieke interne tydskrif. (**Bladsye 58 – 59.**)

Kan jy glo dat ons "Dankie Covid-19!" kan sê? Ja werklik! Met al die nuwe idees en tegnologie tot ons beskikking is **KOLLIG** nou ook Blitsig (op Kokanje-Blitsnuus) en i.p.v. slegs handgeskrewe boodskappies in die **KOLLIG**-mandjie (onder die posvakkies direk voor Rita Deck se kantoor) bereik kommentaar en foto's die redaksie Blitsvinnig per WhatsApp (grappenderwys "What-skappies" genoem) of per E-pos. ☁ **Daar sal nou altyd wenke geplaas word om mee te eksperimenteer en u meer tegnologies geletterd te maak. Indien u dit reeds kan doen, klop ons u op die skouer!**

In hierdie deurmekaar tye van oudword, beurtkrag en woeilige Kokanje-leefstyl, mag u

geanker wees in die wete dat ons Blink Môrester se geboortedagherdenking u opnuut verseker van die beloofde Ligtoekoms nadat die einde van ons aardse Lewenstonnel bereik is.

Werk, speel en lag saam met mekaar en maak 2023 u heel beste jaar ooit!

Liefdegroete
Rita Noeth



ARTIKELS OOR PORTEFEULJES:

KOMMUNIKASIE
(KOMKOM)
Bladsye 58 – 59.



VERSORGINGS-
DIENS
(SORGKOM) en
ABBA
Bladsye 14 – 16.



VOEDSELDIENS
(VOEDKOM)
Bladsye 10 – 12.



SPORT-EN-
ONTSPANNING
EN DIENSTE
(SOD)
Bladsye 62 – 65.



VRYWARING

Die Kokanje Raad of die administrasie of die redaksie van **KOLLIG** onderskryf nie noodwendig menings wat deur medewerkers uitgespreek word nie. Die redaksie betaal nie vir artikels of enige bydraes nie en skrywers behou hul kopiereg, terwyl die redaksie die reg behou om alle artikels en briewe te verkort, te versorg en vir plasing te oorweeg, ofskoon gepoog sal word om die strekking van die inhoud so noukeurig as moontlik te hou. Hou dus u bydraes kort en bondig, asseblief. Hierdie vrywaring geld ook vir advertensies.
Elektroniese artikels na: ritanic2@gmail.com en WhatsApp 083 307-1446.
KOKANJE-AFTREEOORD, Nylstroom (Modimolle), Limpopo, Suid-Afrika.
(GPS: 24,68°S 28,38°O) Tel: (014) 715-2030/1/2/3.



BIZZY LIZZY

TAKE AWAYS

MAANDAE tot VRYDAE:

WYE VERSKEIDENHEID WEGNEEMETES DAAGLIKS
ASOOK VARSGEKOOKTE ETES

Kersete

3 Vleise met slaai
R 80.00

Gebakte nagereg vir
R 13.00

SONDAGETES:

GEKOOKTE MIDDAGETES

Aflewering van 12h00 tot 13h00 in Nylstroom en Kokanje.

24-UUR | VARS PLAASMELK

ELEKTRISITEITSVERKOPE | (bring eie houer)

Vir meer besonderhede skakel

014 717 4855 of Sarel 072 886 5253

50 THABO MBEKI-WEG, MODIMOLLE
GESUIWERDE WATER BESKIKBAAR @ R1.20/LITER

"GESEËNDE KERSFEES!", SÊ DIE VOORSITTER VAN DIE KOKANJE AFTREEOORD-BESTUURSVERENIGING EN SY GADE

Ek en my vrou, Elize, wil elke Kokanje-Inwoner en werknemer baie graag 'n baie geseënde Kersfees toewens.

Wat beteken dit vir ons twee as ons julle 'n geseënde Kersfees toewens? Daar is net een goeie rede – Jesus! Hy en Hy alleen is die rede waarom ons julle 'n geseënde Kersfees toewens! Kersfeestyd is feesviertyd oor Jesus se aankoms hier tussen ons op aarde. Anders gestel:

"Jesus is the reason for the season!"

As ek en jy vir bekendes en onbekendes "geseënde Kersfees" sê, nooi ons hulle uit om saam met ons fees te vier oor die koms van die Vredeskind. Nog meer, die woorde "geseënde Kersfees" spreek eintlik ons seënbede uit oor elke aanhoorder om die teenwoordigheid van Christus te



**Liewe
Kokanje-
Inwoners,**

Die tyd snel verby en ek is elke dag dankbaar dat ons nie tyd hoef te koop nie. My Kerswens is 24-uur werksdae, sodat ons net by alles kan uitkom!

Dit voel soos gister dat die almanak oorgeslaan het na 15 Februarie, my eerste werksdag in Kokanje. Sedertdien het reeds 9 maande verloop en die sluise was behoorlik oop. Dit is heerlik om die diversiteit van ons Oord te ervaar, en nog groter is die voorreg om aandag aan die vele aspekte van ons daaglikse bestaan te kan gee.

Ek en my gesin staan elke dag nederig-verstom oor die voorreg om in Kokanje te woon. Die rustige, veilige omgewing waar ons 3 spruite kan speel, leer en leef is soos die tuin van Eden waar ons ons kinders kan grootmaak. Soms voel ek amper skuldig oor die posisie wat ons het om dit te kan doen. Elke Kokanje-Inwoner se vriendelike, openhartige geaardheid het ons as gesin sommer al van dag een af baie welkom laat voel. Kokanje gloei van liefde, en dit staan in kontras met ons wedervaringe in Natal. Ons geniet dit terdeë om weer die water in die Bosveld te drink en die rustige skemeraande te beleef. As gesin kan ons net dankie sê dat Kokanje ons 'n tuiste bied.

ervaar. Ons bid keer op keer dat Sy vrede in hul (ook jul) lewens sal triomfeer en dat hierdie Kersfeesvreugde sal oorstroom na elke ander dag in hul (ook jul) lewe. Ons woorde is verbale geskenke om God te verheerlik en ander op te bou! Kom ons maak God se hart bly deur vreugdevol oor die Jesuskind te sing en te praat!

Geniet hierdie Kersfeesvreugdetyd saam met julle geliefdes. Mag julle veilig wees waar julle ook al gaan. Ons sien reeds daarna uit om die jaar 2023 as Geseëndes en Voorspoediges saam in Kokanje te beleef!



Leon en Elize de Jager.

EN ANDRIES VISAGIE, DIE UITVOERENDE BESTUURDER, VOEG DAARBY...

Operasioneel was die afgelope 9 maande 'n warrelwind en die branders het my soms behoorlik gerol. Te midde van die stryd voel dit soms of daar geen vordering gemaak word nie, maar ek is dankbaar vir elke persoon wat die oorwinningsvlag hoog hou. Dit is bemoedigend om te sien dat elke keer wanneer ons OP kyk, dit ons weer moed gee om skouer aan die wiel te sit. Ek is omring deur merkwaardige Personeellede wat hart en siel belê in die werk wat hulle doen. Dit is 'n aansporing om elke oggend werk toe te kom en te weet ek skuur skouers met hierdie individue. Die magdom kennis waaroor ons Kokanje-Inwoners beskik, is 'n leerskool van formaat vir my! As jongeling, is elke dag 'n leerskool – aangebied deur die beste dosente en raadgewers. Ek waardeer elke persoon wat tyd aan my bestee, opreg.

Ek en my gesin wens 'n ieder en 'n elk 'n geseënde Christusfees toe. Mag die alleentyd gevul wees met herinnering en nadenke oor die voorregte wat ons het en mag elke sekonde op die pad veilig wees. Mag die tyd wat saam met geliefdes, familie en vriende deurgebring word, tyd van liefde en omgee wees.



Andries en Ronel Visagie.

AUTO SERVICE & REPAIRS

*Petrol & Diesel Vehicles and Trucks

*Engine Installations | Petrol & Diesel

*Vehicle Diagnostics

Fault Finding & Repair

Tel: 014 718 4004/3

Cell: 082 928 1088

Cell 2: 074 248 3601

Email: info@pjmotors.co.za

P.O Box 3525 | Lilian Ngoyi Str
Modimolle 0510

Sedert die Bybelse Kersverhale oor die wêreld bekend geword het, is vele pogings in verskeie tale (ook in Afrikaans) al aangewend om die **essensie van Kersfees** in woord en beeld te probeer vasvang en weer te gee. Baie van hierdie pogings het bekende verhale in die wêreldliteratuur geword, terwyl daar ook vele films gemaak is wat een of ander aspek van die Kersfeestema uitbeeld.

Een van die verhale wat 'n klassieke Kersverhaal geword het en ook later verskeie kere verfilm is, is die bekende novelle **"A Christmas Carol"** deur **Charles Dickens**.

Hierdie verhaal, wat eintlik 'n spookstorie is, het ten doel om te illustreer wat **"the Christmas Spirit"** of **"die Gees van Kersfees"** beteken.

Scrooge, 'n hoofkarakter in die verhaal, verteenwoordig alles wat **die gees van Kersfees** nie is. Hy is benepe, hy het geen aanvoeling en geneentheid vir die Kersgety nie, en dan het hy ook geen welwillendheid teenoor sy werkmense en selfs teenoor sy familie nie.

Al hierdie eienskappe: **Ruimhartigheid, 'n aanvoeling**

vir die feestelikheid van Kersfees en 'n wellewendheid teenoor ander mense, dit alles saam is 'n uitdrukking van dit wat met **"Christmas Spirit"** bedoel word. Trouens, in die een filmweergawe, word Scrooge se afkeer aan en minagting van mense uitgebeeld waar hy loop en herhaaldelik vir homself sê: **"I hate people, I hate people"**.

Volgens die verhaal word Scrooge een nag deur verskillende spoke (ghosts) besoek, die spook van sy oorlede vennoot Marley, maar ook die spoke van Kersfees – Kersfeeste in die verlede, die Kersfees in die hede en ook toekomstige Kersfeeste.

Na sy nagtelike ervaring met die spoke, verander Scrooge in 'n meer gemoedelike, ruimhartige en aangename mens.

4 temas word in die verhaal belig, naamlik, **die Kersfeesgees, armoede en sosiale verantwoordelikheid, familie en verlossing**.

Interessant dat al 4 hierdie temas in 'n mindere of meerdere mate deur die woorde in Lukas 2:14: **"Eer aan God in die hoogste hemel, en vrede op aarde vir die mense in wie Hy 'n welbehag het!"**

toegelig word. Die laaste van die 4 temas, *verlossing*, word in die woorde: **"Eer aan God in die hoogste hemel"** aangespreek, want Hy is die bron van ons verlossing. Dit is Hy wat sy seun Jesus Christus na die aarde gestuur het om ons van ons sondes te verlos, en daarom behoort God die middelpunt van elke Kersfeesviering te wees.

Waar God se vrede, Sy **shalom**, op aarde heers, word *armoede beveg en sosiale verantwoordelikheid* ernstig opgeneem, gee mense vir mekaar om en help mekaar. Sy **shalom** maak gebroke families heel, want dit is wat sy vrede beteken; *heilsaamheid en heelheid*. En wat van **die gees van Kersfees**, die **"Christmas spirit"**? – dit word weerspieël in die mense wat in en met God se welbehag leef en so ook Kersfees vier, dit wil sê: Die mense in wie se lewens God se goedkeuring/welbehag sigbaar is.

My Kerswens is, dat elke **KOLLIG**-leser die ware **Gees van Kersfees** gedurende die 2022-Kerstyd sal ervaar!



BRILLE VIR HOSPITAAL

Elsa van Wyk –
Huis 94E,
Sel: 083 289-0208.



Ek vra gereeld vir ou, ongebruikte brille (wat iewers in u pad lê). Dit help baie mense wat na Phagameng oogklinik gaan.

Die brille word getoets, (waar nodig) herstel, en dadelik uitgedeel aan die regte persoon, nadat die dokter hom/haar ondersoek het. Kan jy dink hoe voel iemand wat vir jare nie goed kon sien nie, en daar stap hy/sy uit met 'n bril en kan weer sien en lees!

Hartlike dank aan almal van u wat die afgelope tyd brille geskenk het. Daar is mense wat julle nie ken nie, wie se harte julle vreeslik bly maak en vir wie julle skenking 'n groot seën is. As jy die dag effens olik voel, onthou, jy het al 'n bril aan iemand geskenk wat dit nie kon bekostig nie en wie se hart nou so groot soos die son is. Dan kan jou hart ook so voel!

Maak werk daarvan: iemand wag daar vir jou uitgediende bril!

OOGKUNDIGE

GEORGE VAN DER HOVEN



Gratis voorskrif sonbril

Terme en voorwaardes geld

066 517 2571

Bela-Bela | Modimolle | Mookgophong

GESEËNDE KERSFEES


AAN AL ONS KLIËNTE

TEL: (014) 717 5175
FAKS: (014) 717 5176
SEL: 082 320 8289
E-POS: m-a-c@mweb.co.za

Modimolle-Auto-Clinic Rupertstraat 4



Vir gehaltdiens en die beste pryse, kom besoek ons gerus.
Ons diens enige tipe voertuig. Opknapping van ratkaste, ewenaars, sowel as elektriese
herstelwerk van aansittermotors, omsetter's, lugversorgers en bedrading, asook voorbereiding vir
padwaardigheidsstoetse. Ons bied 10% afslag aan pensionarisse en sal u motor gaan
haal en aflewer teen geen ekstra kostes nie. Ons was en stofsuig
ook u motor. Baie dankie vir u ondersteuning.



JOSEF BOTES VERVOER

Sand, Klip, Stene, Vulsel

OKTAANSTRAAT, INDUSTRIËLE GEBIED
NYLSTROOM

TEL: (014) 717 3606 (Alle ure)
Ferdie : SEL. 082 889 6548



KERS-KOLLIG SE PRAGTIGE VOORBLAD

Ons het vir **Lourens Durand** gevra om vir ons 'n mooi stillewe saam te stel wat **KERSFEES IN KOKANJE IN DIE JAAR 2022** sal voorstel...

Hy het hierdie pragtige foto saamgestel en vir ons gestuur. Dit verteenwoordig die **Duisternis** (as gevolg van **Beurtkrag**), die helder **Kerslig** (met behulp van die **Kerse – Jesus, die Lig van die wêreld**) en dan die uitsonderlike **Klappers** (van Mariesa Strydom) wat die gewone tradisionele **Kersklappers** vervang het.

Lourens gaan hierdie foto ook instuur na die Fotografieklub waarby hy en Ricky betrokke is en ons vra hom om ons op die hoogte te hou van die resultate...

Hy is op die **KOLLIG**-Redaksie en het ons gehelp met die kwaliteit van die foto's in hierdie **KOLLIG**.

Lourens is ook beskikbaar om spogfoto's van Nuwe Intrekkers te neem.

Baie dankie, **Lourens**!



WAT JOHANNES, DIE EVANGELIESKRYWER, ONS LEER...

In die Johannes-evangelie maak die skrywer geen melding van Josef en Maria en hulle uittog vanaf Nasaret na Bethlehem, of van die eseltjie, of die feit dat daar vir hulle geen plek in 'n herberg was nie.

Hy noem niks van die uitsonderlike ster, die engelekoor met die blye boodskap, die eenvoudige skaapwagters, die wyse manne of die klein baba, Jesus, in die krip nie...

Vir Johannes was die aardse geboorte van Jesus ondergeskik aan die **betekenis** van Sy geboorte.

"Die Lig wat nie deur die duisternis uitgedoof sal word nie" was die oorheersende blye wete dat Jesus as mens gebore is, om aan die kruis vir ons sondes te sterf en opgewek te word tot elke mens se voordeel en redding.

Johannes sê net:

"Die Lig het na die wêreld toe gekom en die duisternis kon dit nie uitdoof nie".

Geseënde Kersfees en 'n Voorspoedige Nuwe Jaar!

Julia Nel

(Wat so merkwaardig is, is dat hierdie stukkie al 'n hele rukkie terug deur Julia geskryf is. Die Bybelstudiebyeenkoms, waar sy dit sou voorlees, het as gevolg van Covid-19 nie plaasgevind nie en sy het dit eers vroeg in November 2022 weer ontdek en ingestuur – toe die Voorbladfoto juis hierdie boodskap so duidelik uitbeeld.

Baie dankie, **Julia!**
Red.)



DANKIE VIR BEURTKRAG!

Here, baie dankie vir Beurtkrag!
Dit dwing my om vanoggend die Tarentale en Duiwe te hoor
en die Jan Frederik te sien hop-hop langs die Hibuskusheining.
Die vêraf roep van Piet-my-vrou en die Loerie se bottel-uit-loop
herinner my net weer dat U in beheer is.
U kán orde skep uit die chaos in ons land en wêreldpolitiek!
Leer my asseblief om U daarmee te vertrou en biddend aktief op U te wag.



Manie de Jager

BEURTKRAG INLIGTING

Op Google, tik Beurtkrag Modimolle vandag (Loadshedding Modimolle today).

Kyk rond, maak notas en beplan jou dag!

Sluit af met driehoekie terug na Google.

More sal die opsie bo-aan jou Google-lys verskyn...

VOEDSELDIENS: LIPLEKKER KOKANJE-KOS!

Wat alles in die kombuis gebeur...



Riaan Roets het die volgende inligting tydens 'n Sosiale Klub-byeenkoms, gereël deur Yvonne Kotzé, met Inwoners

gedeel. Die inligting is deur Rita Noeth saamgestel, met die hulp van Willie Swanepoel wat ook addisionele feite verskaf het.



In Kokanje is dit nie eintlik nodig dat ons bid voor ete nie, omdat Riaan Roets (Voedseldiensbestuurder) en sy span werkers wêet hoe om voedsel voor te berei! Ons bid egter wel... om baie dankie te sê vir die voorreg wat ons het om by die "Kospotte van Kokanje" aan te sit of wegneemetes tuis te gaan geniet. Nagereg 2 keer per week! En heerlike kuiertjies in die eetsaal vanaf **11:30 tot 13:00**.

(Koop etekaartjies vir besoekers by Susan Weber, Ontvangs, – volwassenes R55 en kinders R27. Red.)

Riaan het 8 jaar gelede by Kokanje diens aanvaar. Dit was vir hom 'n uitdaging om daaglik vir ongeveer 800 persone maaltye te berei. Hy was toe reeds 12 jaar lank in die bedryf en voorheen in diens van Weesgerus en Koro Creek.

Benewens Marlene Cloete (Administratiewe Beampte), bestaan Riaan se personeel uit 25 goed opge-



leide en bekwame persone. Die Voedseldiens-Advieskomitee, onder leiding van 'n Voorsitter (voorheen Adré Bernhardt en tans Willie Swanepoel), met ongeveer 12 lede, werk nou saam met Riaan om hierdie "besigheid" soos 'n goed geoliede masjien te laat loop!

Komiteeledede help met die opstel van goed gebalanseerde spyskaarte (voedsaam en met genoeg vesel daarin) en maak van spesiale dae (Valentyns-, Moeders-, Vaders- en Lentedae en Kersfees) 'n groot geleentheid met ekstra spesiaal getooide eetsale en geskenkpakkies om Inwoners te bederf.



A. Voedseldiens en die Kombuis in Kokanje funksioneer as entiteit want **BEPLANNING EN ORDELIKHEID** word gehandhaaf deur middel van die streng riglyne van hulle Reglement.

1. Uitgawes: Die aankoop van voedsel verteenwoordig die grootste besteding. 'n Jaarlikse Begroting word opgestel uit historiese inligting en vooruit-skatting van produkpryse en markte, sodat voorsiening gemaak word vir die volhoubare lewering van produkte.

2. Personeel word onderwerp aan streng higiëniese standaarde en -vereistes (van Kokanje en die Departement van Gesondheid), om te verseker dat

voedselvoorbereiding bo standaard gedoen word.

3. In die Eetsale geld sekere ordereelings vir Inwoners.

4. 'n Belangrike Kokanje-reël: Dat Inwoners die Kombuis verwittig wanneer hulle Kokanje langer as 48 uur verlaat. Dit help met die beplanning van porsies en voedselvoorbereiding en kan sodoende 'n verskil aan kostes meebring. **(Vormpies is in die lêer op die toonbank in die voorportaal. Red.)**

5. Moeite word deurentyd gedoen om die beste produkte teen bekostigbare pryse te bekom. Plaaslike en beproefde verskaffers geniet voorkeurondersteuning, bv. Hunter's Slaghuis, Cate-A-Bake, Checkers, Ocean Breeze, DCL Food Distributors, ens. **(Party van hierdie besig-hede borg ons Karnaval of ander funksies – ondersteun hulle asseblief. Red.)**

6. Inwoners help opskep en diensroosters word opgestel. Baie inwoners is al vir etlike jare betrokke by hierdie vrywillige diens en dit is heerlik om hulle vriendelike glimlagte saam met 'n smaaklike ete te ontvang. **(Plaas gerus jou naam op die Opskepperslys op die tafel tussen Eetsale 1 en 2. Red.)**

7. Die Advieskomitee vergader maandeliks en bespreek toepaslike agendapunte. Notules en verslae word maandeliks aan die Bestuurskomitee gestuur.

8. Die Advieskomitee se Noodplan is saamgestel en bevat name van vrywillige Inwoners, word gereeld hersien en sal optrede koördineer in tye van 'n ramptoe-stand, brand of staking. ➡

B. INTERESSANTE FEITE

1. Die Kombuis (geleë aan die rugkant van eetsale 1 en 3) is nie oop vir besigtiging nie.
2. Take in die Kombuis: Marknavorsing, bestuur van personeel, toesighouding, aankope, voorraadhouding, voorbereiding van voedsel, kookproses, hantering van toerusting, skoonmaakdienste, ens.
3. Die meerderheid personeel is al vir etlike jare in diens van Kokanje en beklee tans beter posisies as gevolg van opleiding wat hulle gedurigdeur ondergaan.
4. Die 5 sjefs se name en diensperiodes in Kokanje is:

Kenny Zulu	6 mnde;
Judy Mothoa	7 jaar;
Maria Mfati	7 jaar;
Christina Baloyi	12 jaar; en
Julia Mokobana	34 jaar.
5. Etes en wegneemetes word in 3 Eetsale bedien by opskeppunte van Inwoners se keuse.
6. Inwoners wat moeilik beweeg se etes word aan hulle bedien by 'n tafel in Eetsaal 1 en huisgebonde, verswakte Inwoners se etes word tuis afgelewer (met die goedkeuring van Voedsel- en Versorgingsdienste).
7. Opskeppunt vir Spesiale Etes: Vir Inwoners wat 'n doktersbrief ingedien het en bv. vet-, suiker- en soutvrye maaltye moet eet, of geen rooi- of varkveis eet nie. Dit is nie altyd moontlik nie, maar daar word probeer om so ver moontlik aan alle inwoners se voedselvereistes te voldoen.
8. Ontbyt, middag- en aandetes word aan Inwoners van die KE voorsien, met 'n ligte

versnapering met teetye. Etes in die KE word elke dag van die jaar voorsien en 'n addisionele bedrag is dus betaalbaar.

9. Met die opgradering van die Kokanje-Kombuis, ongeveer 3 jaar gelede, is verskeie toerusting met moderne tegnologie vervang en is personeel deeglik opgelei om veral die 4 konveksie-oonde en 2



tiltpanne te gebruik. Die toerusting beheer kook- en baktyd en voorkom dat voedsel brand. 'n Tiltpan van 150 liter kan 130 kg beesblokkies en 20 liter pasta op een slag kook en die proses kan oornag gedoen word.

10. Elektrisiteitsverbruik in die kombuis is 'n kostefaktor en vooraf programmering van sekere toerusting het tot gevolg dat dit enige tyd van die dag of nag aan- en afgeskakel kan word om krag in tye te gebruik wanneer die aanvraag op sy laagste is. Afstandbeheer deur middel van Riaan se selfoon word ook toegepas.

11. Die kombuis beskik oor 3 vrieskamers en 2 instap-yskaste wat noodsaaklik is om bederfbare produkte vars te hou.

12. Voedsel wat oorbly, word gevries of dadelik hergebruik (bv. rooivleisgeregte as alternatief vir vark of hoender. Be-

derfbare disse word aan Klub Helpmekaar geskenk).

13. 4 werkstasies is ontwerp om uitsluitlik vleis, groente, slaai en nagereg (elkeen op sy eie plek) voor te berei.

14. Aangesien Kokanje oor 'n kragopwekker beskik, word die kombuis en aangrensende geboue nie deur beurtkrag beïnvloed nie.

C. BENODIGDHEDE VIR:

'n Beesstertmaaltyd:

180 kg beesstert, 20 bossies seldery, 20 bossies preie, 20 kg wortels, 20 liter rooiwijn, 10 knoffelbolle, 50 kg aartappels en 30 kg geblikte tamaties.



Patat- of pampoenkoekies:

60 kg patats of pampoen, 18 kg koekmeel, 2 kg suiker, 12 liter melk en 40 liter olie.

'n Hoendervleismaaltyd:

220 kg hoenderkwarte, 140 kg aartappels, 50 kg kool en 'n "berg" groenmielies.



Bon Appétit!



LIPLEKKER KOKANJE-KOS!

(VERVOLG)

Riaan beskou hom volledig deel van die Kokanje-familie en het baie pa's, ma's, oupas en oumas wat hy respekteer en liefhet.

Baie dankie Riaan, vir die pragtige wyse waarop jy bogenoemde inligting met ons gedeel het. Hierdie jongman se talent eindig nie in die Kokanje-kombuis en eetsale nie – hy is ook 'n baie talentvolle akteur en het hoofrolle vertolk in Kokanje se baie suksesvolle



“The King and I” en “Mamma Mia”. Ons sien uit na jou volgende optrede, Riaan!

Vraag deur Yvonne:
Riaan, wat maak jou gelukkig?

Antwoord deur Riaan:
Om daaglik saam met 'n gelukkige personeelkorps heerlike etes voor te sit aan Kokanje-Inwoners, al die dankies te hoor en vriendelike gesigte in die eetsale te sien.

Yvonne Kotzé
Sosiale Klub.

DANGEROUS MEDICATION

The sickly person passed away unexpectedly and the doctor asked his wife whether he took his medicine as prescribed.

Wife: “He took it religiously as you instructed him doctor, but I think it was too much for his heart and lungs...”

I remember very clearly that you said:

“Take it 3 days running and skip 1 day!”

KOKANJE TAP WATER – IS IT SAFE FOR HUMAN CONSUMPTION?

The Directors have recently had the tap water tested in order to ensure that it is safe to consume by the residents.

We have requested a water specialist, Dr. Jean Loock, who holds a PhD. in Aqueous Systems, to further analyse our tests.

He commented as follows:

Kokanje is getting extremely good water quality from your boreholes. All your chemical parameters fall within the Department of Water Affairs Class 0, which is excellent. Additionally, your micro tests indicate that you do not have any contamination in this regard. Your borehole water is ideal for potable supply with a healthy Ph., median alkalinity, and good mineral content.

So Kokanje residents, you can safely use our water!

Remember, if we talk about municipal water in Kokanje, we refer to the water supplied from two municipal boreholes situated in Koro Creek and used by Kokanje and Koro Creek residents. We do not get any water from the local municipality. **Drink up!**

Leon de Jager



KOKANJE-TELEFOONGIDS

Indien u telefoongids al baie oud is en u dit moet vervang, besoek **Susan Weber** gerus by haar nuwe kantoor in die voorportaal. Die koste is **R55** elk.

Indien u u telefoongids elektronies verlang, sien **Karen Pienaar**. Sy moet ook dadelik in kennis gestel word van enige veranderings i.v.m. u besonderhede.



UIT DIE DAGBOEK VAN ONS KORRESPONDENT IN DIE KE

Maandag, 29 Augustus 2022:

Die woord "dankie" is al so "common" soos die groet "Hoe gaan dit?" en het baie trefkrag verloor. Maar, hou aan om "dankie" te sê – soveel as wat jy kan, en vra dat môre vir jou meer vreugde en genade inhou as gister... Vriende is jou bron van energie – put daaruit soveel as wat jou toegelaat word.

My leuses:

1. "In a gentle way, you can shake the world!" (Poog om alles wat jy doen en dink sagkens te doen!)

2. Maak van hierdie 4X4 KE-kamer jou koninkryk deur dit te vul met jou gasvryheid, warmte en menslikheid...

Sondag, 11 September 2022:

Die TV-nuus is deurspek met gebeure in Engeland tydens Koningin Elizabeth II se afsterwe. Ek versvind ook Blanche Emslie se baie welkome tydskrifte oor die "Royals".

Nou is dit die **KOLLIG** se beurt... Ek herinner my aan die pelsjas wat ek by die Hoekwinkeltjie gekoop het met die voorletters J.O. – die naaste wat ons kon kom met die uitlê van die eienaar se naam was Jackie Onassis.

By "Meelewing" herroep ek wonderlike oomblikke met kosbare vriende wat my pad gekruis het: Ted Thoms wat altyd naamplaatjies gemaak het; Ernst Ferreira wat weer lewensasem in elke stukkende klokwerk kon blaas; my eetkamer tafelmaats (Cora van

Heerden en Rouxbur Burger wat belowe het dat hy die volgende keer koffie sou gaan haal.). Baie dankie dat julle Kokanje op die "map" help sit het en my lewe vol kosbare herinneringe geplant het.

Dankie vir die foto's en versorging van ons inheemse tydskrif – al is daar bangmaakdinge in van "om die Oord te verlaat"...

Dinsdag, 13 September 2022:

Ek word wakker gesing met "Happy Birthday, Ouma Ella!" (Kamer langsaan.)

Fikile sorg dat die slaap verder wyk as sy met haar masjien en pienk vloestof elke draai in die gang bykom. Ek herken **Sophie** aan haar



voetstappe – as sy met haar blinkleerskoentjies spoed vang in die gang...

Johanna

maak plek vir jou netjies gedekte skinkbord en **Letta** groet so vêr sy gaan in haar suiwer Afrikaans. Vir **Magalena** sê ek dat ek haar graag in diens wil neem, maar nie kan betaal nie, want ek is 'n pensioenaris!

Joyce bid soos 'n ware prediker vir die middagete. As 'n mens net mooi stelling ingeneem het met breiwerk, TV of leesboek is dit die ander **Johanna** se beurt om jou te haal vir stort en deeglik skrop. **Maria** skep orde in die kamer en **Elizabeth** loer in en wens my 'n goeie dag toe. Die moederlike **Letta** bring vir my 'n heerlike bordjie eetgoed om saam met Ella te geniet. **Dankie Ella!**

Dankie Riaan Roets, vir die heerlike muffins wat soms as bederfies saam met die koffie, tee of milo bedien word!

Woensdag, 21 September 2022:

Ek hou van diep musiek, Wimpy-koffie, yskoue Coke en groot drome vir my kinders en kleinkinders... Die "Diep Musiek" wat my koue rillings gegee het en trane en emosies sonder brieke ontketen het, was dié van Dirk Venter en die Adamo-koor verlede Saterdagavond – **baie dankie Ma Corrie!**

Droewige Sondag, 25 September

En daar vertrek Willem Roets, Marion Munnik en Rita Fourie toe saam na hulle beloofde nuwe woning... **Mooiloop dierbare vriende!** Julle het soveel talente gehad wat julle in Kokanje gebruik het. Rita, die huiskonsert en operettes



in Kokanje sal nooit weer dieselfde smaak nie!

Aan die personeelkorps van die KE my dank en bewondering vir julle hartsversorging!

Maureen Neethling

(Rita Fourie se interessante Reisverhale in **KOLLIG** sal ook baie gemis word – veral daardie wat ons deur die ingeperkte Covid-19 tyd "vryelik laat rondreis het"... Red.)

ABBA – 9 Augustus

Hans
van der Merwe.



Die homeopaat, dr. Cynita Conradie, het kom gesels oor **"Die tipes demensie, hoe die brein herstel, die rol van dieet en veel meer."** Dr. Conradie het die verskillende tipes demensie bespreek (bv. Parkinson, Huntington en Alzheimer se siektes en vaskulêre demensie), asook die vroeë, matige en ernstige fases van Alzheimer se siekte. Sy het verder verduidelik hoe die brein kan aanpas deur **"nuwe paaie"** (neurale netwerke) te bou. Dit is daarom uiters belangrik dat mense met demensie gereeld gestimuleer word met ondermeer interaktiewe speletjies. Algemene gesondheid soos 'n normale bloeddruk, gesonde bloedsuikervlakke en gesonde dermflora is belangrik, asook 'n gesonde dieet (bv. die Mediterreense dieet), oefening en genoeg slaap.

Sy het ook gewys op die belangrikheid van sekere vitamine en minerale, soos bv. Yster en Vitamine D.

Daarna het **Marion Moir** 'n kort toeligting gegee oor die vordering van die **Demensiedeernisspan** wat stimulasieprogramme vir KE-Inwoners met demensie aanbied. Die program word baie goed ontvang en **ons bedank almal wat betrokke is** by die KE.

Voetnoot: Inwoners moet asseblief nie hul medikasie verander of staak sonder om

VERSORGINGSDIENS EN ABBA

dit eers met u behandelende geneesheer te bespreek nie.

ABBA – 26 September

Alta van Dyk.



Sr. Wilna van den Heever, vroeër van Kansa, (sel. 082 493-1884 vir advies en om afsprake te reël) het met ABBA kom gesels oor **"Die vroeë opsporing van kanker en keuses van behandeling."**

Sy het die drie kankers bespreek wat die meeste voorkom, naamlik bors-, prostaat- en kolonkanker.

Borskanker: Wilna het die belangrikheid van selfondersoeke van die borste beklemtoon. Waarop ons moet let is enige verandering in die borsweefsel wat nie voorheen daar was nie: Knoppe, verdikkings, rooi verkleuring, ingedrukte tepel en enige ander veranderinge. Vroue moet ook gereeld gaan vir 'n mammogram en 'n sonar. **Ons moet onthou dat mans ook borskanker kan kry.**

Prostaatkanker het volgende aan die beurt gekom. Mans moet op die uitkyk wees vir enige probleme met urinering (wat op 'n vergrote prostaat kan dui): Sukkel om te urineer, té gereelde urinering, bloed in die urine en pynlike urinering. Daar is medikasie beskikbaar om die prostaat te verklein. Prostaatkanker reageer baie goed op behandeling, maar

die uitkoms is beter as dit vroeg gediagnoseer word. Dit is daarom belangrik dat die manne gereeld gaan vir die PSA-bloedtoets, 'n rektale ondersoek en 'n rektale sonar. Die PSA-toets alleen tel nie altyd kanker op nie.


Kolonkanker kom al hoe meer voor by mans en vroue en dit word waarskynlik toegeskryf aan ons moderne eetgewoontes (baie suiker en verfynde meel met min vesel). Die eerste teken van kolonkanker is gewoonlik okkulte bloed in die stoelgang (bloed wat nie sigbaar is nie). Dit is dus baie belangrik om gereeld vir 'n kolonoskopie te gaan. **Bespreek dit gerus met u dokter.**

Wat behandeling vir kanker betref, het 'n mens altyd 'n keuse. Bespreek en onderhandel met die onkoloog wat vir jōu die beste sal werk.

1. Sien jy kans om al jou planne eenkant toe te skuif om by die behandelingsplan te bly?
2. Betaal die mediese fonds ten volle, en indien nie, is daar ander fondse vir behandeling?
3. In watter stadium is die kanker en wat is die prognose?

Sr. Wilna glo dat 'n mens al jou opsies moet opweeg en dat dit jōu keuse bly of jy die behandeling wil kry of nie.

Na sr. Wilna se praatjie het Hans van der Merwe sy reis met prostaatkanker met ons gedeel. Die pad is nie 'n maklike een om te loop nie en 'n mens is baie bewus van die lewenskwaliteit wat jy inboet. Baie sterkte Hans en baie, baie dankie dat jy jou ervaringe met ons gedeel het.



MAATSKAPLIKE WERKER VIR KOKANJE

Op die voortsettingsvergadering van die Algemene Jaarvergadering (29 September) het die Kokanje-lede (Inwoners) die Bestuurskomitee se versoek, vir die aanstel van 'n voltydse Maatskaplike Werker, goedgekeur. Easop het gesê **"No act of kindness, no matter how small, is ever wasted."**



Versorgingsdiens sê dankie vir u "act of kindness" om hierdie uiters belangrike pos goed te keur.

Alta van Dyk.



ABBA – OKTOBER 2022

DIE VERANTWOORDELIKE HANTERING VAN VOORSKRIFMEDIKASIE IN DIE LATER JARE



Dr. Johan Kruger het gewaarsku dat verslawing nie net plaasvind deur jongmense nie, maar dat senior-

burgers menigmaal onbewustelik, ook in hierdie slaggetrap.

REDE VIR MEDIKASIEMISBRUIK:
Om te ontspan, te slaap, alleenheid te verdryf of jou op te vrolik.

Slaan ag op bure, familie en vriende se waarskuwings en probeer dit dadelik te staak.

WAARSKUWINGSTEEKENS VIR MEDIKASIEMISBRUIK WAT TOT VERSLAWING KAN LEI:

1. Medikasie word teen 'n hoër dosis gebruik as deur jou dokter voorgeskryf.
2. Medikasie word vir 'n langer periode gebruik as aanbeveel.
3. Medikasie word vir ander simptome gebruik as aangedui.
4. Die drang om chemiese middels te gebruik omdat dit jou goed laat voel.

5. Na wangebruik van medikasie is daar nuwe-effekte, soos verlies van normale liggaamsfunksies – ewewig, sig, afstandskatting, ens.

6. Oordosering kan ook maagsere, hoofpyne, bloeding, ander liggaamspyne, ens. veroorsaak. Indien jy met volgehoue deurstellingsvermoë jou medikasiemisbruik kan staak, is dit die beste uitweg. Andersins moet professionele hulp ingeroep word.

Hans vd Merwe en Rita Noeth.

WENKE VIR EKSPERIMENTE- RING MET JOU SELFOON:

Almal ken seker die pyltjie na regs, wat jou toelaat om 'n boodskap, versie of video aan te stuur na een of meer persone op jou adreslys baie goed... **Mooi so!**

A. Gaan soos volg te werk indien jy 'n ongewenste Whats-

App-boodskap ontvang het en dit wil verwyder:

1. Druk op die boodskap, versie of video.
2. Dit word heeltemal blou.
3. Druk die asbliktekening bo-aan jou skerm.
4. Die boodskap verskyn: "Delete for everyone, delete for me, cancel." Maak nou jou keuse.
5. Hierdie ongewenste item sit egter nog in jou "gallery".
6. Gaan vind die item daar en

druk op hom, plus die asblik onderaan.

7. Die item is nog steeds nie heeltemal weg nie, want hy sit nou in die asblik genoem "recently deleted".

8. Druk weer op hom en die asbliktekening. Jy kan ook kies om alles wat daar voorkom, terselfdertyd uit te wis.

9. Indien jy eerder die item wil red/behou, druk die "restore" teken.

A VOLUNTEER'S HOUR IN WARD E AT THE KE

(Tuesday till Friday, from 10:00 to 11:00.)

It's a wonderful feeling to be part of something where there is no stress, but just feelings of peace and calm. This is how I feel about my hour with the Residents of Ward E at the KE, and I'm sure the other volunteers feel the same.

It's a time when we relax, enjoy the Residents' company, chat to them, massage their hands, sing, play games, build puzzles, see how beautifully and carefully they colour in – the time goes by all too quickly. And like us all, some days they are happy just to sit or be in their rooms and not feel the need to partake in any activity.

We have purchased two umbrellas for D and E so will be able to take the Residents outside to enjoy the fresh air.

Early in November Elna Radford, an Occupational Therapist from Koro Creek gave us the most informative, passionate and inspiring session and advice regarding our special times with the Residents in Ward E.

And to the Volunteers, a big thank you – you are All **SUPER STARS!**

Love and kisses
Marion Moir
082 448-6546.



Care giver (Letta), Volunteers (Erika and Martha), and equipment used on Fridays.



TRUE FORGIVENESS – WHAT'S SO AMAZING ABOUT GRACE?

An unusual event took place in 1987. An IRA bomb went off in a small town near Belfast, amid a group of Protestants gathered to honour the war dead on Veteran's Day. 11 people died and 63 were wounded. Marie and her father, Gordon Wilson (a devout Methodist) were severely injured and buried beneath 5 feet of concrete and bricks. Marie kept whispering:

"Daddy, I love you very much!"

She died a few hours later in hospital.

His daughter's last words were words of love, and Gordon Wilson was determined to live out his life on that plane of love. His speeches conveyed the message that, in spite of his immense loss, he bears no grudge and would constantly pray that God would forgive the guilty party. Instead of retaliation and avenging the bombing, this started a crusade for Protestant-Catholic reconciliation.

***Sorg dat jy daardie persoon is
wat soveel vir iemand anders
beteken
dat hy/sy daarna uitsien om
elke dag op te staan
en blymoedig kans te sien
vir daardie dag!***

He constantly repeated the refrain,
"Love is the bottom line".

Let us all learn from this person, who had gained fame for his uncommon spirit of grace and forgiveness.

We are almost at the end of 2022, and with 2023 ahead of us, it is time to rid ourselves of all grudges and unpleasantness and to forgive other people unconditionally – just as our heavenly Father forgives us.

Quoted from P Yancey's book.

Sent in by **Rev. Theo Schmidt.**





Country Shop & Tea Garden

Homemade Cakes, Pies & Ginger Beer
Functions and Platters
Local Arts and Crafts

SEE YOU SOON!

 Cindy - 072 341 6117
Monday - Sunday: 08:00 - 17:00
Licensed.

**hunky
dory**

*Saterdag
Lekkerte!*

Enige snytjie koek
plus 'n koppie
koffie/tee/cuppacino


R60

083 490 8598 | NYLSTROOM

BRING ADVERTENSIE SAAM VIR 10 % AFSLAG!




**Bergstryd
Singel
No 7**



Cloud Nine **Rest Assured**
beds for the rest of your life comfort for life



DIREK VAN FABRIEK NA JOU
IN KOKANJE, PRETORIA EN JOHANNESBURG
Laagste Pryse | Aflewering ingesluit in Kokanje



Alle Beddens Waaborg 1-2 Jaar
Warranty 15-20 Jaar
Beddens is goedgekeur deur
Chiropractic Association of South Africa

Cloud Nine

137 BASE SET
From R7999



Pieter Knoetze, Kokanje 57F
079 041 2878
pieterknoetze13@gmail.com



Solar System
Get your Loadshedding starter pack

Aircons

Need a new aircon? or get your old one serviced

Get your Quote!!!

Harkem van Staden
Sales | Eco renergy
Phone: 0662349593
Email: Harkem@ecorenergy.co.za
Address: Riviera Building, C/O Nelson Mandela &
Thabo Mbeki, Riviera Centre, Modimolle, 0510, Shop 8



Mans Haarsny
Dames Haarsny
Blowave
Set
Tint / Hi-light
Perm

KE asook Huisbesoeke beskikbaar indien
dit nie moontlik is om Salon toe
te kom nie.

Skakel gerus of kom loer somer in
om u afspraak te maak.

Besigheidsure
Maandag - Vrydag
7:30 tot 12-30

Eloisa
Tel: 082 466 6806



Salon Kokan Mari

"KRAPPERIGE" EGPAAR

Mariesa Strydom sit rustig op die voorstoep. Sy krap alweer! En dit jeuk nie eens nie...

Sy krap al 20 jaar lank – 10 daarvan in Kokanje.

Wanneer dit klappertyd is (Suur- of Bobbejaanklappers) vanaf Augustus tot Desember is sy in haar element, want sy het 'n persoon in Alma wat haar van klappers voorsien.

Die pragtigste kunswerke, elk een uniek, word met behulp van 'n houtsnijbyteltyl en pap-pegaaibeknaelvyd op die klappers gekrap.

Party klappers word met Cokipenne gekleur en word finaal afgewerk met 'n deurskynende verseëlaar/bedekker.

Mariesa ryg vislyn deur die klappers en skep versierings om op te hang of maak kers-houers deur 'n groot klapper tussen twee mooi houtskywe te monteer. Baie familieleden en vriende spog met pragtige Verjaarsdag- of Kersgeskenke uit haar hand.

Sy het al by die Naaldwerk-klub oor haar stokperdjie gaan gesels en lede gewys hoe om te krap...

(Daar is van Mariesa se kunstige klappers (i.p.v. die gewone Kersklappers) gebruik vir die Voorbladfoto. Red.)

En toe kom Hannes om die draai – hy het by die Hoekwinkel-tjie gewerk as kassier en het daar rondgekrap en op twee opvoustoel afgekom wat hy óf vir hulle kinders gaan gee óf self gaan gebruik.

Hy praat grappenderwys van hoeveel Renosters (R10), Olifante (R20), Leeus (R50), Buffels (R100) en Luiperds (R200) die mense vir verskillende items in die Hoekwinkel-tjie betaal.

(Die vriendelike Strydom-egpaar het die gewoonte om rond en bont in die eetsaal te gaan sit en ontmoet sodoende 'n groot verskeidenheid Inwoners om lewenservarings oor en weer te deel. Hulle is ook baie lief vir die bokkies, hasies en voëls wat hulle pragtige

tuin besoek en daar is altyd genoeg water vir hierdie besoekertjies om te drink wanneer dit so uiters warm is in die somer. Red.)



TROTSTE BUURVROU OOI...

"Kom kyk asseblief na my buurvrou, **Blanche Emslie**, se pragtige handewerk!"

Terwyl jy dit afneem, kom neem sommer ook ons pragtige Lila Trompetboom af wat vol in die blom is." Die versoek kom van die opgewonde **Stephanie van den Berg**.

Blanche is heel in kennig en nederig oor haar prestasie en sê dat sy dit sommer op haar eie manier gedoen het. Sy het 6 weke gedurende die Covid-tyd aan die laslapdeken gewerk op haar betroubare Pfaff-naaldwerkmasjien en daarna die



hulp van "Monica's Quilt" ingeroep vir die afrondingswerk.

Ek wonder watter gelukkige kind of kleinkind gaan hierdie unieke erfstuk eendag besit.

Stephanie en haar man, Daan, is intussen skielik oorlede. Ons betuig ons innige medelye met hulle familie en vriende.

Hulle plekkie onder hul pragboom is nou leeg...

Rita Noeth



UITSLAE VAN DIE MENINGSPEILINGS

Groot dank aan al die deelnemers.

A. HULLE HET GEWEET COVID-19 SE RUG IS GEBREEK –

1. toe Barbara Potgieter besef het sy hoef nie meer huis toe te hardloop omdat sy haar masker vergeet het nie, en sy weer almal se glimlagte kon sien;

2. toe Marinda en Venter van der Westhuizen weer vir die eerste keer in die eetsaal gaan eet het, en die kwetterstemme van ander dapper Inwoners daar gehoor het. Almal het mekaar gegroet soos bloedfamilie en meelewing betuig met dié wie se familie of vriende deur Covid-19 weggesteel is. Almal kon aan mekaar raak sonder vrees en in mekaar se oë lag (maskers was nog verpligtend);

3. toe Rita van der Merwe gewet het dat Inwoners mekaar weer begin herken, sonder maskers;



4. toe Adrè Bernhard die eetsaal binne gestap het en sien die tafels is weer mooi getooi met tafeldoeke en/of lopers;

5. toe Hannah Esterhuyse merk dat almal se maskers gewaai het;

6. toe Maureen Neethling aanvaar het en vrede gemaak het met die omstandighede waarin ons gedompel was.

B. BEDANKINGS VIR HULP EN BYSTAND TYDENS DIE PANDEMIE

Die meeste persone was uiters dankbaar dat hulle soveel pragtige bemoedigende oproepe of versies en video's van vriende en familie ontvang het.



1. Barbara Potgieter bedank graag vir Liza Oosthuizen van die Snoepie, Riaan Roets en sy kombuispersoneel, plus al die bure.

2. Pieter en Barbara Matthyser bedank Gert van Heerden, Cate Botha, Floris en Dina Steenkamp.

3. Nic en Rita Noeth bedank al die bure om hulle (wat altyd na hulle huis en tuin omsien), en veral Millie en Eddie Farren wat die heerlikste kossies en

bederfies oorgestuur het (hulle noem dit "Buber" – Bure Uber-aflerwing of Toktokkie-speel, want die klokke is gelui en die kos was op die stoep).

4. Hannah en Leon Esterhuyse bedank André en Heléne Booysen.

5. Trienie Vorster prys die Heer dat sy glad nie siek geword het nie. Groot dank ook aan die Kokanje Aftreeoordbestuursvereniging en die Uitvoerende Bestuurder wat die inperkingsregulasies so mooi bestudeer, vertolk en aan ons oorgedra het.

6. Maureen Neethling bedank haar kinders en vriende in Kokanje, en is tevrede met die kalm beheer wat die Kokanje-Bestuur toegepas het. Dit het haar geborge laat voel.

7. Riko Snyders bedank haar man, Leon, vir sy ondersteuning.

8. Ellenora en Allen Salmon bedank die omliggende bure, veral Basie en Marth Griesel. Die Salmons het baie ernstig gebid toe hulle self siek geword het van die Omicron-variant – dit was gelukkig nie ernstig nie.



C. MENIGE KOKANJE-INWONER HET NUWE TECHNOLOGIE BEMEESTER EN IS MEER INGELIG AS BC (Before Covid).

1. Koos Kearny en Maryna Hattingh leer om goedere aanlyn te bestel.
2. Koos en Maryna speel nou ook aanlyn brug.
3. Johan en Elise Giezing leer om woordspeletjies op hulle selfone te speel.
4. Rita Noeth leer om die TV-afstandbeheer te gebruik om kookprogramreekse op te neem en dit daarna te versindkyk ("binge watch") en vinnig verby al die honderde advertensies te "hardloop".
5. Rita leer ook om kennisgewings/versies en collages op haar selfoon te maak (gebruik haar eie foto's nuttig).
6. Allen en Ellenora Salmon het die Checkers en PickNPay-Apps afgelaai – net om te ontdek dat die aflewering van kruideniersware nie vir Modimolle werk nie.

(Annette van Dyk sê die Checkers-App is nou in werking – App Checkers 6060. Wat wel gewerk het: Wanneer R500 of meer se items aanlyn by Dischem in Johannesburg bestel is, is dit gratis in Kokanje afgelewer. Red.)

7. Maureen Neethling het onmiddellik die "play"-Driehoekie leer druk om die musiekvideo's van Rocco de Villiers op haar selfoon te luister/kyk (wat haar dogter, Keina, per WhatsApp aan haar gestuur het).

D. ANDER DINGE WAARMEE INWONERS HULLE-SELF BESIG GEHOU HET

1. Marina du Plessis bestuur graag mediese inligting op die Internet (YouTube). Sy het geskrik om te verneem hoe uiters nadelig suiker vir 'n mens kan wees. Sy bevestig dat jy altyd jou dokter moet raadpleeg, aangesien hy/sy jou mediese geskiedenis ken.
2. Pieter en Barbara Matthyser het hulle met musiekinstrumente begin besig hou.

3. Hannah Esterhuyse het daaglik handgeskrewe dagboekinskrywings gemaak gedurende die eerste drie maande van Covid-19.

4. Maureen Neethling het weer ou stokperdjies opgeskerp en haar lewensverhaal verder geskryf.

5. Barbara Potgieter bou legkaarte nou baie vinniger.

6. Adré en Theo Bernhard het hulle 8 mm-projektor uitgehaal en vir 'n week aanmekaar familiefilms gekyk – kompleet met "chips", springmielies en Coke. Dit was 'n fliekfees 1000!

7. Ria Ludick se VIP (Virus Inperkings-Projek) was om 'n omkeerbare ("double sided") romp te maak – sy het baie van beide kante van die materiaal gehou.

Ina Lessing sê Ivermektien het nou 'n huishoudelike naam geword – dit het verskuif van die kraal na die huis!

MAAK 'N MOOI COLLAGE:



Jy het 'n paar mooi foto's met jou selfoon geneem en daarvan aan vriende en familie gestuur. Probeer nou die volgende om 'n mooi collage te maak:

1. Gaan na jou foto's in die "gallery".
2. "Edit" die foto's wat jy wil gebruik en sny ekstra kante weg ("crop"). Stoor hulle as nuwe foto's.
3. Heel onder is die keuse "photos, albums, highlights, discover."
4. Druk op "discover".
5. Daar is 3 opsies: "create story, petal clip, create collage".
6. Kies "create collage".

7. Kies 2 – 9 van jou verwerkte foto's. Druk op hulle en hulle sal met 'n regmerkie aangedui word.
8. Druk "create".
9. Daar is 'n paar uitlegkeuses. Besluit self. Eksperimenteer en gebruik jou eie kreatiwiteit.
10. As jy tevrede is met die uitleg, gaan oor na die volgende stap.
11. Bo regs op die selfoonvenstertjie is daar 'n tekenjie waarop gedruk moet word.
12. Die collage word dan in jou "gallery" gestoor en jy kan dit aan spesiale persone stuur.

MOEILIK, MAAR MOONTLIK!

Die lewe is moeilik, maar dit is ook vol moontlikhede. Dink maar net aan hoe moeilik die Covid-19 tyd was. Tog was ons verbaas oor hoe ons kon aangaan. Die oudag is ook moeilik, maar dit het ook talle positiewe moontlikhede!

Daar is seniors wat gelukkig kan sê: **"Dit is die wonderlikste tyd van my lewe, want ek is op pensioen, my kinders is selfversorgend, ek kan vakansie hou wanneer ek wil, en daarby bly ek in Kokanje waar ons elke weekdag 'n bord kos kry, versorg is en kan meedoen aan vele aktiwiteite. Daarby is ek ook gesond en lewenskragtig"**. Dit klink asof die-sulkes die paradys op aarde betree het. Daar is egter diegene wat nie so gelukkig is nie, want hulle beleef tans die negatiewe, pynlike moontlikhede van oudwees. Die werklikheid is dat die lewe nie die paradys is nie – dit is 'n onvolmaakte werklikheid en ons leef ook almal in onvolmaakte liggame.

Kan ek iets uit my eie lewe met jou deel? Toe ek 8 jaar gelede Kokanje toe gekom het, was ek gesond, lewenslustig en aktief, maar toe kom klop negatiewe moontlikhede van die lewe aan my deur en neem ook sommer hulle intrek – onwelkome, onaangename **"gaste"**.

Terwyl ek nou skryf, is ek onder behandeling vir blaaskanker. Julle ken my as 'n persoon wat oor jare altyd positiewe artikels vir die **KOLLIG** geskryf het, maar nou moet ek uitleef wat ek geskryf het!

Ek het weer besef dat ons almal die gebrokenheid van

ons aardse bestaan nou beleef, of nog gaan beleef. Maar wat doen jy as die gebrokenheid by jou stop? Onthou dat jy nie altyd beheer het oor wat **MET** jou gebeur nie, maar jy kan beheer neem oor wat **IN** jou gebeur. Die dokters is besig om te poog om my liggaamlike toestand te verbeter, maar dit is my verantwoordelikheid om beheer oor my denke te neem. Dit is nie maklik om deurentyd positief oor jou toestand te dink nie, maar jy kan wel vir jou eie emosionele ewewig opbouend dink.

Een van die dinge wat ek doen is om realisties na my toestand te kyk, maar dan doelbewus na positiewe moontlikhede te soek en dit te bedink. In plaas daarvan om te besin oor die bedreiging van kanker, dink ek aan die moontlikhede van die behandeling en oor die moontlikhede wat my geloof in God skep. Soms moet 'n mens sóek na moontlikhede, want die negatiewe realiteit is so oorweldigend. Ek konsentreer op die kleinste positiewe moontlikheid. Die seisoen sal weer draai – dit is nie altyd winter nie. Daar is hoop, al is dit min.

Gaan jy dalk ook nou deur 'n moeilike tyd? Soek na positiewe, opbouwende moontlikhede. Kyk na die lig agter die skaduwee, die silwer randjie om die donker wolk. Waak teen verbittering oor wat met jou gebeur het. Moenie na verklaarings soek nie. Onthou, die hemel het nog nie aarde toe gekom nie. Tot ons ons asems uitblaas, moet ons vasbyt. Al wat ons het, is vandag! Moe-

nie deur bekommernisse oor môre vandag se mooi vernietig nie.

Waardeer die klein vreugdetjies en soek iets moois, al is dit hoe klein. Rondom jou is daar soveel om nog te geniet.

Sê vir jouself: **"Ek kan sien, loop, ruik, hoor, glimlag en praat..."** Moenie net broei op jou negatieweite nie, want dit gaan kleintjies kry en dan het jy nog meer probleme.

Wat as die ergste gebeur? Ons almal sal eendag sterf. Of jy glo of nie glo nie, die dood kom en maak 'n einde aan ons onvolmaakte lewenswerklikheid. Gelukkig is ons nie bestem om vir altyd in hierdie gebroke liggaam te bly nie. Vir ons almal sal seer, pyn, lyding en tranes beslis eendag ophou.

Leef jou moontlikhede tot daardie dag...

Die lewe is moeilik, maar moontlik!

Gielie Combrink



Wat is lewe?

As jy kan VERGEWE sonder om 'n woord te sê.

As jy LIEFDE in iemand se oë kan sien sonder om te vra.

As jy kan GLIMLAG sonder 'n rede.

As jy ALS gee met jou hart.

AS jy LUISTER na die stem van God sonder om te twyfel.



Dit is lewe!

PSALM 23

The Lord is my real boss, and I shall not want.

He gives me peace,
when chaos is all around me.
He gently reminds me to pray and do
all things
without murmuring and complaining.

He reminds me that He is my source
and not my job.

He restores my sanity every day
and guides my decisions
that I might honour Him in all that I do.

Even though I face absurd amounts
of E-mails, system crashes,
unrealistic deadlines, budget cutbacks,
gossiping co-workers,
discriminating supervisors and an ageing body
that doesn't cooperate every morning,
I still will not stop -
for He is with me!
His presence, His peace, and His power
will see me through.

He raises me up, even when they fail
to promote me.

He claims me as His own,
even when the company threatens
to let me go.

His faithfulness and love is better
than any bonus cheque.

His retirement plan beats any retirement
annuity there is!

When it's all said and done,
I'll be working for Him
a whole lot longer and for that,
I BLESS HIS NAME!

Author unknown



LAAT LOS...

Laat los, laat los
al die goeters wat jou pla,
laat los, laat los –
al die dinge wat jou hartseer maak –
al die voortyddinge
en gister se heimweëdae
as taai swart seekat-stringe
so om jou draai en draai.

Laat los, laat los
al die goeters wat jou pla,
en kyk na vandag se reënboogkleure,
die koel geel-groen mos,
die warm rooibal-son,
die helder pers vlinder-flap,
die sagte pienk roos-satyn.

Laat los, laat los
al die dinge wat jou trane kos,
en kyk na die oë van 'n darter-kind,
die stertswaai-hondelag,
die leeu afgeëts teen die rooiduin se rug.

Laat los, laat los
alles wat jou hartseer maak –
jou sware las wat jy so dra,
en lig dit op na die Hemelblou –
los alles nét daar –
Daar waar die verste winde waai
terwyl jy stadig omdraai
en kyk na 'n Lig,
DIÉ LIG WAT ALTYD SKYN!

Hannah Esterhuyse
Sel: 082 847-7445.



(Kersgeskenk:
Haar bundel is te koop
teen R120 elk. Red.)

HULP EN BYSTAND MET REKENAAR- EN SELFOONPROBLEME

Jill Cairns
Sel: 083 230-4574
Huis: 36 C
Boekenhoutstraat.

Koste: R30 per uur of gedeelte van
'n uur.

GEBED VAN 'N REISIGER

(Lied deur Coenie de Villiers)

Sny vir my, o Heer
'n Wandelstok of twee
Uit die woud by Tsitsikamma
En loop dan met my mee

Oor die vlaktes van die Groot
Karoo
oor die berge van Natal
Langs die kus af tot by
Vleesbaai
Tot by die groen van Riversdal

Brand die hemel van die
Vrystaat
In my hart se dagboek in
Laat my nooit die lug vergeet nie
Wat aan die horison begin

En Heer is dit dieselfde son
wat by my reis se einde skyn?
Behou mens steeds die reuk
van reën
as jou geheue dalk sou kwyn?

Want ek vrees mos nie die
vreemde nie
Selfs die afstand laat my koud
By U is daar geen leemte nie
U bly steeds my behoud

Al reis ek oor die 7 see's
Skuif kontinente stil verby
Sal ek my voetval op U rig
My in die reis verbly

Maar ek vrees tog wel die
eensaamheid
Ek skrik die Groot Alleen
Dis dan wanneer U my moet dra
Want U weet ek gaan
daarheen

**Laat die sterre dus my
kompas wees
en U steeds my Ware
Noord
Lei elke voetstap van my
reis, o Heer,
want dit is soos dit hoort!**

MET BAIE LIEFDE...

My liefste vriende en familie in Kokanje...

Dis met 'n baie seer hart en gemengde gevoelens dat ek totsiens sê en hierdie liefdesbriefie skryf.

Na bykans 14 jaar se **manikuur- en pedikuurdiens** aan my geliefde bejaardes word ons nou verplig om Modimolle te verlaat en aan te skuif.

Ek het elke dag elkeen van julle met deernis en liefde behandel, en gerespekteer. Julle was en is so kosbaar vir my. Ek moes baie van my vriende langs die pad groet, maar glo my, ons gaan mekaar weer eendag sien. Baie dankie vir elke koppie tee en eetgoed as ek moeg gewerk was – dit was net 'n groot fees. Dankie ook vir elkeen se bydrae tot my gesin. Dit het sowaar baie gehelp.

Soet bly en pas julleself mooi op tot ons mekaar weer sien. Ek sal kom kuier en julle intussen op die hoogte hou van ons ondervindings in ons nuwe omgewing.

Jesusaliefde en baie seën aan elkeen van julle.

Hartseergroete,

Lorraine Ludick




**Luister na hierdie
gebed se YouTube-
opname op jou
selfoon:**

**Gaan in op Google
"search", en tik die
naam van Coenie en
die liedjie.**

**Kies die liedjie, druk
die wit Driehoekie
en druk "Skip Ad".
Die liedjie speel dan
vanself. Geniet!**

**Sluit af deur die
Driehoekie of < heel
onder te druk, tot jy
weer by Google is.**



Ingestuur deur
**Gerda J. van Rensburg
en
Elsa du Plessis.**



BEDANKINGS DEUR DIE REDAKSIE

Die volgende persone word hartlik bedank vir **HULP** en **KUNDIGHEID** om die Kers-**KOLLIG** voor te berei:

Keuring: Rita Noeth.
Taal- Fritz Wolff, Annette van Dyk,
versorging: Rita vd Hoven en Rita Noeth.
Proeflees: Hannetjie Boshoff.
Bladuitleg: Rita Noeth, Martha van Zyl en Leonie du Plessis.
Produksie: Rita Noeth en Johan vd Hoven.
Kleurcollages: Michèle Tarboton.
Meelewingscollage: Hetta Uys.
Voorblad- Lourens Durand.
foto:
Ander foto's: Lourens Durand, Rita Noeth, Leon de Jager, Magriet van Zyl. Persone wat artikels ingestuur het.
Tikwerk: Tina Brits, Paula Nienaber, Riko Snijders, Rita vd Hoven, Anneke du Plessis, Leonie du Plessis en Rita Noeth.

Hartlike dank aan ons **Adverteerders** – sonder julle advertensiefooie sou die **KOLLIG** baie duurder gewees het!

Pieter Knoetze, Venter vd Westhuizen en Marion Moir het as **Advertensiewerwers** opgetree. **Postnet** was verantwoordelik vir die ontwerp van nuwe advertensies of die redigering en versorging van bestaande advertensies.

Ons bedank **Kokanje-Inwoners** wat verskeie bladsye teen R50 elk geborg het – ons waardeer dit baie!

Ons nooi almal hiermee uit om ons te nader om in die toekoms ook bladsye in die **KOLLIG** te borg.
Marion Moir.

Die Redaksie van **KOLLIG** bedank ook al die **Kokanje-Inwoners** wat aan meningspeilings deelgeneem het of artikels en gediggies ingestuur het.

KOLLIG-KLEINADVERTENSIES KOLLIG-SMALLS

A. Isolerende Kooksak

Linda Sprenger, Huis 49D.
 (014) 715-2150 of 083 506-9322.



B. MORINGA PRODUKTE (Olie, poeier en kapsules) baie billike pryse:

Erina Lombard, Huis 30C.
 083 452-2091
 014 715-2663.




C. Beauty products & cosmetic treatments

Annette Nortje:
 Salon Juenesse @ Kokanje.
 45C Sering street.
 083 438-3336.



D. Manshaarkapper

Dietloff Bredenkamp,
 Mispelstraat 21C.
 082 415-3729.



Manne, die Inperkingstyd is verby!
Julle kan maar weer skakel vir afspraak!

ONTHOU:

Indien u iets wil **adverteer** in die Kleinadvertensies, of hulp aanbied as Nutspersoon (dit is **GRATIS**), kontak **Rita Noeth**. W/A: 083 307-1446.

Handgeskrewe **artikels** kan in die **KOLLIG**-mandjie geplaas word – onder die posvakkies, voor Rita Deck se kantoor, of E-pos getikte artikels en foto's na **ritanic2@gmail.com**

BAIE DANKIE VIR DIE DONASIE!

Die **KOLLIG**-Redaksie bedank die persoon, verantwoordelik vir die **R500** anonieme donasie, baie hartlik!

E. Manikuur en Pedikuurdiens.

Maria Botha,
 Huis 6C.
 (014) 715-2070 of
 082 874-3027.



Kontak my sommer nou al, of in die Nuwe Jaar om 'n afspraak te maak.

Mag u Kersfees baie aangenaam wees.

Liefde
Maria.



Bladsy geborg deur Lorraine Ludick. Baie dankie, Redaksie.

VELE HELDER FLONKERENDE STERRE AAN DIE KOKANJE-UITSPANSEL

Rita Noeth

SJEF JULIA MOKOBANA (sedert 1988 – 34 jaar)



Julia het diens aanvaar as jong 22-jarige vrou en het aan die begin allerlei take verrig, waar sy ook al benodig is. Vroegoggend het sy verswakke Inwoners tuis gehelp was en versorg (daar was nog geen Kokanje Eenheid vir Verswakke Bejaardes nie), daarna gehelp met die voorbereiding van voedsel en later skottelgoed gewas en die kombuis opgeruim.

Sy is 8 jaar gelede tot Sjeff bevorder en wanneer daar 'n ekstra myl beplan word (bv. 'n teetuin of ander funksie) is Julia die eerste vrywilliger.

Julia het 4 volwasse kinders en 3 kleinkinders.

Hierdie hardwerkende en vriendelike personeelid is werklik 'n ster! Sy ken die meeste van die Kokanje-Inwoners by die naam en is 'n voorbeeld vir haar medewerkers in die kombuis.

(Baie dankie Julia, ons waardeer jou glimlag en uitstekende diens baie! Red.)

HESTER BESTER (sedert 1989 – 33 jaar)

Sy vertel dat die beginsel, dat alle Inwoners wat diens doen in Kokanje geen besoldiging of fooitjies ontvang nie, reeds in die vroegste jare die norm was. Al-

mal het hulle kundigheid en kennis gebruik tot voordeel van Kokanje en dit 'n vooruitstrewende "kibboets" gemaak. So is die Wielefonds gestig om die eerste Kokanje-bussie te koop.

Sy noem name van bv. wyle Ans Theron wat 20 jaar lank redaktrise van **KOLLIG** was. Ander persone wat ook in daardie jare reeds hier werksaam was:

Burger Pienaar (Uitvoerende Bestuurder), dr. Breedt en Sonette (praktyk in die dorp en Kokanje), Hans en Hillie van der Merwe (ABBA en Versorgingsdiens), Liz Halewijn wat toe op die Personeel was en die Kokanje Eenheid vir Verswakke Bejaardes (KE) tot stand help bring het.

Ander sterre: Anna du Toit, Alice van Zyl, Valerie Botha en nog meer as 100 persone – te veel om hier op te noem.

Hester bly tans in die KE en hierdie kranige tuinier en haar tuinhulp het blombakke buitekant haar kamer gevul met die vrolikste blomme om al haar bure gelukkig te hou. Haar buurvrou, Maureen Neethling noem dit "KEW GARDENS"!



Hester Bester en Alice van Zyl kuier lekker buite in "Kew Gardens".



JANI OLIVER (sedert 1992 – 30 jaar)




Jani bevestig dat alle intrekke somer aan alles deelgeneem en saamgewerk het. Sy was veral bekend as mede-aanbieder van die Gimtrimklub se op en wakker oefeninge saam met Marietjie de Wet en was hooforganiseerder van die Kokanje-Karnaval vir 17 jaar.



Sy vertel dat sy tans, te wyte aan swak sig, **KOLLIG** net deurblaai en hier en daar iets lees met behulp van haar bril en vergrootglas. 'n Buurvrou lees vir haar die "Uit die BK" en Kokanje-inligtingsbriewe om op die hoogte van sake te bly.

Jani het haar getroue tuinhulp, Elias, gehelp om sy bestuurderslisensie te bekom en nou neem hy haar, met haar eie motor, dorp toe vir kruideniersware of om Herman, haar haarkapper, te besoek. Sy maak gebruik van die Kokanje-bussie vir besoeke aan die Kolonnade (Pretoria), en vir doktersbesoeke het sy al van die dienste van Annette van Dyk, Wim Faurie en Wim van der Berg gebruik gemaak.

Jani is diaken van die NG-kerk (Witkerk) se wyk Kokanje-18 en gaan met haar gholfkarretjie na die Sondagdienste in die Kokanje-saal waar sy behulpsaam is met die reëlins.



VELE HELDER FLONKERENDE STERRE AAN DIE KOKANJE-UITSPANSEL

(VERVOLG)

MAUREEN NEETHLING

(sedert 1997 – 25 jaar)

Sy was tot onlangs nog sinoniem met die Sosiale klub wat onder die Kultuurkomitee resorteer.



Elke Vrydagaand om 16:00 tot 17:00 was daar 'n spreker met die interessantste inligting en/of spesiale aanbiedings denkbaar – bv. Christo Venter van Geluksfontein se bokkaasplaas wat proeseltjies uitgedeel het en Chris Coetzer van AVBOB wat pragtige liedjies gesing het. Daar is geleer om Kerstafels keurig te dek, lekkers te maak en reise te beplan.

Onderafdelings van die Sosiale klub is Pitkos, vir almal wat lief is vir poësie en letterkunde en KleurNet wat met (wyle) Susan Hugo se kundigheid vele dames pragtig geleer inkleur het.

(Iemand kan gerus die leiding neem om die inkleurpret weer te laat herleef. Red.)

Maureen het haar 4m x 4m-koninkryk in die KE "The Royal Savoy Hotel"-tyddeel gedoop. **(Sien ook bladsy 13 – sy is ons korrespondent in die KE. Red.)**

Sy bedank almal wat haar so gereeld besoek, veral vir George Linde, die (ouer) man met die pragtige stem van die Cantabile Trio, wat onlangs vir haar die vrolikste kappertjies uit sy tuin gebring het.

YVONNE KOTZÉ

(sedert 1998 – 24 jaar)

Sy sê dat, nadat sy haar voete gevind het in Kokanje (haar man is oorlede net voor sy ingetrek het), het sy ingeskakel by 'n verskeidenheid klubs en komitees – o.a. Kommunikasie-, Versorgings-



diens- en Omgewingsbewaringskomitee (laasgenoemde deur haar gestig) en daar is bloktoesighouers wat ongewenste verbode plante en bome help uitroei. Sy werk ook nou saam met Marius Badenhorst (Bestuurder: Infrastruktuur) en ander Inwoners om die semi-park en parkdele se tuine pragtig te hou.

Hierdie veelsydige en energieke dame is Moeder van die Damesklub en sy vertel van al die glansfunksies en Kersetes wat die entoesiastiese komiteelede saam gereël het. Hulle sprekers het die interessantste onderwerpe behandel en nuttige inligting oorgegee. Die temas was onder andere hoede, serpe, interessante teekoppies en ander artikels uit lede se huise. 'n Onlangse onderwerp was Refleksologie deur Annalise Delpont.

Die Kultuurkomitee is ook onder Yvonne en haar assistente se vlerke en het die afgelope Korefees en Adamo-kamerkoortrede gereël. Sy doen altyd die bedankings namens hulle en sê hulle pogings sou, sonder Klank-en-Beeld se hulp en Kokanje-Inwoners se ondersteuning, nutteloos wees.

Yvonne is verder betrokke by die Estetiese Komitee en ons bedank haar en die komiteelede vir die splinternuwe vrolike gesig van die voorportaal. Pieter Knoetze (Klank-en-Beeld) en



Pierre Krügel (stofferingsnitsman) het hand bygesit. **(Dankie dat**



die Damesklub altyd sorg vir die pragtige rangskikkings, versierings en motiverende versies op die toonbank. Red.)

Yvonne doen gereeld verslag (in **KOLLIG**) van al die werksaamhede van die komitees waarby sy betrokke is en die funksies wat plaasgevind het sodat Inwoners op die hoogte bly van sake en uitsien na funksies wat eersdaags gaan plaasvind.

Die Kokanje-kenteken by die T-aansluiting op pad dorp toe is deur Yvonne ontwerp en laat oprig.

Daar is net geen einde aan hierdie entoesiastiese 5 sterre, en die vele vrywilligers wat hulle bystaan, se energie, kreatiwiteit en idees nie en hulle werk saam met mekaar om die lewe in Kokanje heerlik en die moeite werd te maak.

Bladsy geborg deur **Bokkie en Jorrie Lombard**. Baie dankie, Redaksie.

GEEN KOPKRAP MEER OM GESKIKTE GESKENKE ELDERS TE GAAN KOOP NIE

1. Die Kiosk, skoonheid-salon (Foot & Body Worx) en haarkapper (Salon Kokan-Mari), in ons eie Kokanje Mall by die Kokanje-posbusse, en die **Hoekwinkeltjie** (Huis 4D) het geskenkbewyse (vir Kersfees en Verjaarsdae) te koop.

2. **Hannah Esterhuyse** se pragtige digbundel, "**Tyd se Kleur**", is by haar te koop teen **R120** elk. 082 847-7445.



3. **Warwick en Michèle Tarboton** het vele boeke vir Voël- en Natuurliefhebbers. Sel. 083 263-9153.

4. **Andria de Lange** verkoop die heerlikste **beskuit** en **koekies**, wat reeds verpak is. Sel. 082 928-8381.

Kokanje wens hierdie besig-hede en persone, asook Cornelia Matthysen (oudio-log), PSG en dr. Breedts en sy personeel, 'n baie geseënde Kersfees en 'n voorspoedige Nuwe Jaar toe.

Baie dankie vir julle getroue diens en ondersteuning gedurende 2022.

NOG MEER KERSGESKENKIDEES...

Die dames van die Naaldwerkklub het nog van hulle voorraad oor (wat nie gedurende die Kersmark verkoop is nie).

Kontak gerus vir Jenny van der Merwe of die dames direk.

Baie dankie vir Inwoners se ondersteuning tydens die Kersmark!

KOKANJE-KIOSK (SNOEPIE)

Besigheidsure:

Maandag tot Vrydag vanaf 09:00 tot 13:30.

Gesluit op openbare vakansiedae.

Liza Oosthuizen nooi u hartlik uit om op 'n ontdekkingsreis in haar winkel te gaan.

Daar is nou selfs ook volstruisvleisprodukte, wildswors en -maalvleis, heerlike plaashoenders en eiers beskikbaar.

Hou jou Kokanje-Blitsnuus dop vir vrugte wat eersdaags beskikbaar gaan wees.

Vir persone met 'n soet tand:

Koeksisters, koekies, droëvrugte, lekkers, roomys en Ina Lessing se heerlike ingemaakte vrugte en konfyt.

U sal ook koerante en tydskrifte op die rakke vind.

Daar is werklik iets vir elke smaak en u gaste gaan heerlijk kuier met 'n smaaklike versnapering in die hand!

Liza, haar 2 seuns en Petro Grabe in die Kiosk.



BAIE DANKIE LIZA EN KOKANJE!

Danksy die vergunning van Liza Oosthuizen, en die pragtige ondersteuning van Kokanje-Inwoners, is die mooi bedrag van R764 ingesamel en aan die Bybelgenootskap oorbetal.

Inwoners sal die blou blikkie op die Kokanje-Kiosk se toonbank merk – gooi asseblief u kleingeld daarin, vir hierdie spesiale doel.

Peet Marx

083 286-9322.

Ons oplossings is
net so uiteenlopend
soos jou doelwitte



Ons omvattende reeks dienste help jou met al jou sake - van die samestelling van jou boedel tot die samestelling van jou portefeulje.

Ons dienste sluit in:

- beleggingsadvies (voor en na aftrede)
- boedelbeplanning
- risikodekking

Kontak my vir gespesialiseerde advies

Maandae tot Vrydae in Kokanje



Danie Human CFP®

Financial Planner and Wealth Adviser

BCom (Hons)

S +27 (82) 465 9594 | **T** +27 (14) 717 1036

F +27 (14) 717 5068 | **E** danie.human@psg.co.za

Danie Human | 98 Thabo Mbeki Rd, Modimolle, Nylstroom, 0510

www.psg.co.za/branch-office/modimolle-thabo-mbeki-road-98-financial-planning-danie-human

PSG Wealth Financial Planning (Pty) Ltd is 'n goedgekeurde finansiële diensteverskaffer. RFD 728



Matthysen
a u d i o l o g y

Modimolle - Bela-Bela - Mookgophong

GEHOORVERLIES
affekteer nie net ons
kommunikasie nie,
maar ook ons
lewenskwaliteit en
gesondheid.

Hou jou ore fiks. Kies 'n gelukkige, gesonde lewe!
Ons kan jou help... 014 717 1139

**Kom besoek ons gevestigde
praktyk in Kokanje by Dr. Breedts, vir
persoonlike en professionele diens.**

- ▶ **Herstel & Dienste**
- ▶ **Gehoorbekermers**
- ▶ **Wasverwydering**
- ▶ **Gehooraapparaatpassings**
- ▶ **Ondersteunende luistertoestelle**
- ▶ **Gehoortoetse**
- ▶ **Verstellings**
- ▶ **Batterye**

Skeduleer u afspraak by 014 717 1139

KOKANJE SE MEESTERSATLETIEKATLETE SE UITSONDERLIKE PRESTASIES

Kokanje se Meestersatletiekatlete is gevra om ons in te lig oor hulle vordering, en **Annette van Dyk en Babsie Grobler-Crafford** het hierdie inligting verskaf:

Die eerste Kokanje-deelnemer aan Meestersatletiek in 2017 was Annette van Dyk. In 2019 het Babsie Grobler-Crafford, wat voorheen baanitems en verspring gedoen het, worpe begin oefen en ook deelgeneem. Hulle het jaarliks aan 3 provinsiale byeenkomste en aan die Suid-Afrikaanse (SA) Kampioenskappe deelgeneem.

Toe kom Covid-19 en net die Gauteng Noord Kampioenskappe het in Maart plaasgevind. Aanvanklik kon hulle nie saam oefen nie, maar later kon hulle onder streng maatreëls en met maskers oefen. Ria Ludick het ook in hierdie tyd begin met Meestersatletiek.

Kokanje het 'n sement worpesektor onderkant die lapa gebou. Die sektor is op 1 Augustus 2020 amptelik geopen deur die vorige Uitvoerende Bestuurder, Wessel van Heerden. Daarna het die atlete aan 'n landswye virtuele Sentraal Gauteng byeenkoms/

kompetisie deelgeneem – elkeen in haar eie ouderdomsgroep.

Hulle 6 gooie/stote is op video vasgelê, die afstande is deur 3 beamptes gemeet en alles is per E-pos ingestuur. Die finale uitslae is kort daarna ontvang.

Onlangs is die oefenfasiliteite, met die medewerking van ons Bestuurskomitee en Uitvoerende Bestuurder, Andries Visagie, verbeter, waarvoor hulle baie dankbaar is.

In 2021 het Miggie van der Walt begin worpe oefen. Ria Ludick kon ongelukkig nie verder deelneem nie, as gevolg van haar gesondheid.

Annette, Babsie en Miggie het aan 5 Kampioenskappe deelgeneem:

Gauteng Noord (Pretoria) in Maart, Sentraal Gauteng (Germiston) in April, die SA's (Pretoria) in Mei, Vrystaat (Bloemfontein) en Mpumalanga (Secunda) in Oktober.

**Hulle het 71 medaljes Kokanje toe gebring:
53 goud, 8 silwer en 10 brons.**

Hulle het reeds die Gauteng Noord-

standaarde behaal en is opgeneem in die Gauteng Noord-span.

Die volgende uitdaging is om in November 2023 aan die Afrika-Kampioenskappe in Kaapstad te gaan deelneem. Die worpe-items is gewigstoot, skyfwerp, spiesgooi, gewiggooi, hamergooi, asook Griekse skyfwerp (by sekere byeenkomste).

Hulle het 'n baie bekwame afrigter, Antoinette Jordaan, wat hulle in Polokwane afrig.

Annette hou 'n huishoudelike Gauteng Noord-rekord vir spiesgooi en Babsie een vir gewiggooi. Annette hou ook die Afrika-spiesgooirekord vir vroue in die ouderdomsgroep 60 tot 64 jaar, sedert 2016.

Babsie het ook 'n uitstekende prestasie behaal – sy het tydens 3 byeenkomste die SA-standaarde behaal in spiesgooi en gewiggooi vir vroue in die ouderdomsgroep 75 tot 79 jaar. Sy kwalifiseer derhalwe nou vir Nasionale SA Kleure.

**(Baie geluk, dames!
Kokanje is ongelooflik
trots op julle. Red.)**



Daar word gespot met Babsie, Miggie en Annette – hulle sal eersdaags ekstra vertrekke moet aanhou om al die medaljes te huisves. Santim-sekuriteitsmaatskappy sal ook hulle diens moet opskerp met die toename in goud, silwer en brons in Kokanje!

Modimolle parkrun is op 24 Oktober 2018 gestig deur (wyle) Frans en Annette van Dyk, asook Michiel en Susan Human. 153 Kokanje-Inwoners is reeds geregistreer en stap of hardloop (5 km) elke Saterdag om 07:00, by Koro Creek. Ander vrywilligers help met die reëlins.

Sluit gerus aan: Skakel **Annette** – 072 129-7585.

PARKRUN – 4 JAAR OUD!



Bladsy geborg deur **Annette van Dyk**. Baie dankie, Redaksie.

CareBox



Sometimes all we want to do is send someone a hug and let them know we're thinking about them..

Carebox is a small heartfelt gifting business with a personal touch

Please visit our website: <https://carebox.co.za/> or send an email to hello@carebox.co.za



LA BROUSSE

BISTRO

"A Breath of Fresh Air"



RESTAURANT

Bosveldsig Centre,
Maroela Ave, Modimolle

014 161 0946



**NUWE DUBBEL BEDDENS
TE KOOP (NYLSTROOM)
★ R2500 ELK ★**

Aflevering beskikbaar

Whatsapp:

063 679 1646 / 072 754 5583



Olifantspoort Trading /
Vervoer

STUDIO H

THE ART OF HAIR DESIGN
UNISEX SALON

Herman Niewenhuis

Kerkstraat 105, Modimolle


Sel: 061 354-0459





Adamo-Kamerkoor







oasis®

REFRESH REVIVE REFILL



**GE-OZONEERD EN
BAKTERIE VRY**



Hervul van Waterbottels
PENSIONARISSE
SLEGS R1-00 PER LITER

Terms & Voorwaardes geld



079 743 5023

modimolle@oasiswater.co.za

H/v Thabo Mbeki & Nelson Mandela
Shop 5, Esther Gebou

KLEURVOLLE EN VROLIKE ERFENISDAG IN DIE KE



OKTOBER 2022 REKORD

Kokanje se reënvalstatistikus, **Vis Visagie**, bevestig dat ons 130 mm neerslag in Oktober die hoogste was sedert 1993.

Baie dankie, Vis, vir die inligting en ons waardeer jou moeite om jou tabel so getrou op datum te hou.



🌸 Om die weervoorspelling op jou selfoon te vind:

Google, Modimolle weer (weather) vir een dag of een week.

NOG 3 KOKANJE-STERRE... OOK LANGER AS 30 JAAR!

Hierdie dames het saam in Krinkhoutstraat ingetrek. Raaitjie Coetzee, Krinkhoutstraat 60B, Anne Coetzee (nou Koraalboom 114D, nadat sy getrou en verhuis het) en Girtie Esterhuizen van Krinkhoutstraat 58A.

Hulle het saam gewerk, dinge tot stand gebring, gehuil, gespeel en gelag deur die jare. Hulle bly steeds heerlik in ons wonderlike Oord.



BEMARKING BY NOORDELIKE SINODE VAN DIE NG-KERK –

Weesgerus,
Oktober 2022.

Anina Pretorius en
Andries Visagie, met al
die nodige inligting en
brosjures.

Foto deur **Leon de Jager**.

*Geseënde
Kersfees*

SATELLITE CONNECTION

Supply - Repair - Installation
All Audio | Video & DSTV Systems

www.satelliteconnection.co.za 014 717 1551 / 082 494 3132

MC Creations

Decorators, Curtain and Linen, Function Coordinators
and Furniture Suppliers

Alombekend vir:

BINNEHUISVERSIERING & DEKOR
GORDYNE & LINNE
TAFELDOEKE
STROOIKUSSINGS
LAMPSKERMS
PERSIESE MATTE
ANTIEKE MEUBELS & WARE
SILWER, KRISTAL EN PORSELEIN

ONS KOOP OOK VERSAMELSTUKKE AAN

CHRIS DYZEL

☎ 079 891 4309

✉ chris.dyzel70@gmail.com

JOHAN ESTERHUIZEN

☎ 081 554 6540

✉ johane1979@gmail.com

ONS Q VIR JOU!

- > Het jy getrek
en wil jou voertuie registreer
in Limpopo?
- > Of wil jy net jou lisensieskyfie hernu?
- > Het jy 'n nuwe motor gekoop en wil dit
registreer en lisensieer;
nuwe nommerplate maak;
of 'n voertuig van jou naam afhaal?



Kontak my gerus!

Vir enige navrae oor motorlisensies:

Skakel of WhatsApp

Susan Weber: 079 531 5027

of kom sien my by
die Kokanje administrasiegebou.



1e prys - Motordiensklub



2e prys - Brugklub



3e prys - Bestuur

Jukskei-Pretdag





EDNA

Mediese Verspreiders
Medical Distributors



SUPPLIER OF QUALITY MEDICAL GOODS
FOR YOUR EVERY NEED

WHEELCHAIRS

ADULT DIAPERS

ROLLATORS

MEDICAL DEVICES

OXYGEN PRODUCTS

012 335 8104

581 Frederika Str,
Gezina, Pretoria www.edna.co.za

EGOSAN



SENIOR CITIZEN

10% off your meal



Ocean Basket

Terms & Conditions Apply
Only Valid on Wednesday & Sunday
Discount on Main Meal Only



WAAROM SIEN ONS JOU NIE MEER NIE?

31 Oktober 2022

KE INWONERS

Naam	Huis No:
Lenie Lubbe	8D
Lenie van Zyl	13D
Hanna de Jager	28B
Rosie Roos	28C
Daneline Bekker	15B
Smittie Smit	32B
Alice van Zyl	45E
Lourens Potgieter	48E
Hester Bester	52A
Hester Botes	53C
Henk Wilcox	55B
Ray Lane	56A
Ria Engelbrecht	61C
Susan Saayman	63A
Gerda Smit	64D
Freddie Smit	64D
Joey Coetzer	64F
Sophie Bierman	66D
Sannie Riekert	68E
Rina Bezuidenhout	69E
Sannie Herselman	71A
Sannie Breedt	80F
Bes Vorster	95A
Maureen Neethling	100F
Mona Roets	101E
Joy Moulder	KE
Bodie Moolman	KE
Rosa Leiding	KE
Ella van Rensburg	KE
Corrie Coleman	KE
Hansie Pretorius	KE

MINDER BEWEEGLIK - KOS AFLEWERINGS

Naam	Huis No:
Susan Delport	7F
Issie Wehmeyer	22C
Elsabe Borchers	27B
Rina Botha	27C
Kotie Greef	38A
Theo Schmidt	59B
Joan Thoms	66E
Johan and Ina Randles	85E
Carel Woller	85F
Rita Nothnagel	89A
Dirk en Hanneljie Ehlers	90C
Stenie Steyn	90D
Leonora Prinsloo	100E
Madeleine Korff	111E
Rassie en Nellie Erasmus	115B

**Lys (volgens Karen en KOBIS),
van Inwoners wat hierdie jaar verhuis het –
nader aan kinders, familie en vriende
of mediese instansies:**

1. Hester Botha	95E
2. Jan en Marie Botha	56E
3. Johann en Steph Coetzee	10A
4. Mina Crous	57B
5. Marie du Plessis	9B
6. Johann en Bekkie J. van Rensburg	92D
7. Judith Krüger	79B
8. Nietha Mills	66B
9. Alastair Moir	64C
10. Christienne Robbertze	50E
11. Hanna van Wyk	56B
12. Silla Venter	62E

HESTER BOTHA SE TOTSIENSFUNKSIE

Bogemelde Inwoners in die KE en by hulle huise het steeds die liefde, belangstelling en aandag van hulle bure nodig.



**GAAN LOER GERUS
BY HULLE IN!**

**KE-BESOEKTYE:
09:45 – 11:15 EN
14:45 – 16:15.**



MEELEWING

Bedanking:

Ons pa, oupa en grootoupa, was 'n voorbeeld vir ons en 'n rots vir die familie. In sy lang lewe van 94 jaar het hy altyd standvastig geleef en toegewyd die Here gedien. Hy het elke dag getrou sy Bybel geles en daarna hardop gebid vir ons en die land. Sy netheid en vriendelikheid was van sy sterk eienskappe. Dit is met hartseer, maar ook met groot dankbaarheid, dat ons van hom afskeid neem. Groot dank aan die KE en almal wat hom bygestaan het gedurende sy laaste jare.

**Familie van
wyle Pieter Wessels.**

'N TROOSWOORD AAN PIETER SE FAMILIE

Van:

**Sy Vriendin/Eetsaaltafelmaat
van 4 jaar.**

Mag julle kommer,
besorgdheid
en meelewing met Pieter
en sy skielike sterwe
wegwaai soos spore
in die sand.

Mag die mooi herinneringe,
saamwees, blydschap, liefde
en omgee
wees soos 'n geurige gerf
blomme in jou hand.

Julia Nel



(Hierdie boodskap is
sommers ook van toepassing
op alle geliefdes van
inwoners wat onlangs
oorledene is. Red.)

TOTSIENS, LORRAINE!



Justine Hoggan

Fri at 08:22 · 🌐

It is with great sadness that **Melissa** and I announce that our dearest Mother, **Lorraine** passed away last night. She was the strongest woman we knew and she fought hard until the bitter end. We love you Mama. You will be missed so so very much. The hole in our lives and hearts is indescribable. We will love you always. Xxx



'N LOERPLEKKIE

(Met apologie aan
Dolf van Niekerk, Karoosange.)

As ek vandag
ná soveel jaar
van Genade
verhuis uit die lewe, God,
en aftree in U hemeltuyn

ek vra maar net
of U iewers in
U blou hemelruim
'n loerplekkie het
sodat ek soms
kan loer
hoe dit met my mense
gaan ver daaronder.

Gedig deur wyle
Marian Munnik

Ingestuur deur
Denise Prinsloo.



FAVETE EMERITUS

Regional Committee Waterberg for Associate Members: Public Service Pensioners
Streekkomitee Waterberg vir Geassosieerde Lede: Staatsdienspensioentrekkers



Hierdie Komitee is gestig om die Staatsdienspensioentrekkers by te staan om die nodige dokumentasie te voltooi indien hulle binnekort gaan aftree. Die pligte van die Komitee is as volg :

- (1) Behulpsaam te wees met afgetrede lede met die voltooiing van die korrekte dokumente om sy pensioen te kan ontvang.
- (2) Indien die pensioentrekker tot sterwe kom, die gade behulpsaam te wees sodat sy die gade pensioen kan ontvang, asook die begrafnis voordeel. Die begrafnis voordeel is tans R4500.
- (3) Werwing van nuwe lede :- Alle Gepf pensionarisse is nou aanvaarbaar om by die PSA aan te sluit.
- (4) Voorsitter van Streekkomitee Waterberg-
JC (Jakkie) van Dyk – Sel nr 0827297240
Sekretaris van Streekkomitee Waterberg-
JJ (Johan) Els – Sel nr- 0835644156

Get. JC van Dyk Voorsitter
Streekkomitee vir geassosieerde lede
Staatsdiens pensioentrekkers Waterberg



Andries du
Plessis (PSA),
Jakkie van Dyk,
Dawie du Preez
en Johan Els
(3 persone van
Kokanje).



Pieter Wessels
13 Jul '28 tot 8 Sep '22



Henk Wilcocks
12 Mrt '30 tot 12 Sep '22



Val Schmidt
12 Jan '35 tot 16 Sep '22



Giel Herselman
18 Jun '28 tot 15 Sep '22



Lorraine Faurie
4 Sep '43 tot 15 Sep '22



Hettie Potgieter
13 Des '32 tot 18 Sep '22



Willem Roets
18 Feb '33 tot 25 Sep '22



Marian Munnik
30 Apr '32 tot 25 Sep '22



Rita Fourie
13 Sep '41 tot 25 Sep '22



Stephanie v d Berg
9 Sep '47 tot 4 Okt '22



Francine van Eeden
14 Aug '39 tot 19 Okt '22



Daan v d Berg
23 Des '46 tot 22 Okt '22



Ann Oosthuizen
1 Mei '43 tot 23 Okt '22

MEELEWING

**September en Oktober
2022**

Ons groet ons dierbare
vriende vir oulaas –



ook
**Mari
Kussman,**
voorheen
van
Sorgkom.

**Innige simpatie aan
hulle familie en vriende.**



**"WHAT YOU
LEAVE BEHIND
IS NOT WHAT IS ENGRAVED
IN STONE MONUMENTS,
BUT WHAT IS WOVEN INTO THE
LIVES OF OTHERS."**

PERICLES



Mari-Louise

KOKANJE SE HULPFONDS

Gedurende 2009 moes 2 Inwoners van Kokanje die Oord verlaat a.g.v. finansiële probleme. Al wat hulle kon bekostig, was 'n kamertjie in 'n ouetehuis – en dit was vir my baie hartseer!



Ek het begin navraag doen om inligting te bekom aangaande die vorige probeerslag om 'n "hulpfonds" op die been te bring en is verwys na (wyle) Jan Boot. Na 'n diepgaande gesprek het ons besluit om die Hulpfonds weer op die been te bring.

Die stigterslede was ekself, Jeanette Pienaar, Hetta Uys en Jan en Tina Boot. Jan was op die Direksie van Kokanje en ons spreekbuis.

Ons eerste fondsinsamelingsfunksie ('n dans) het die "reusebedrag" van R6 000 ingebring en ons was in die sewende hemel! Daarna was daar gereelde (tweedehandse) klereverkopings in die saal. Wat 'n enorme taak! Dit was klere merk, uitpak, ophang, verkoop en weer in- en wegpak, tot die volgende keer. Ons het egter volgehou daarmee en met allerhande funksies en enigiets denkbare wat geld ingebring het – **want ons mikpunt was een miljoen rand**. Die rente sou aangewend kon word om heffings van Inwoners wat die heel swaarste trek, te dek.

Ten einde laaste is daar 'n komitee, met meer lede, deur die Direksie van Kokanje aangewys en hulle het met groot sukses voortgebou op ons droom om so gou moontlik een miljoen rand te bereik.

Na 6 jaar was die miljoen rand in die bank!

So het die Kokanje Hulpfonds tot stand gekom en die verkope van klere en huishoudelike artikels het later na die Hoekwinkeltjie (Huis 4D) verskuif. Daar is tans heelwat vrywilligers wat help met die uitpak van nuwe items, dit waardeer, prysetikette aansit, help met verkope, inligting aan kopers verskaf en optree as kassiere.

Rona de Jager is in beheer van die Hoekwinkeltjie, Henk Potgieter is die Voorsitter van die Hulpfonds en Leon de Jager beheer die finansies.

Babsie Grobler-Crafford



(Groot dank aan Babsie en elkeen wat gehelp het met die totstandkoming van die Kokanje Hulpfonds, asook dié wat tans die onbaatsugtige werk voortsit!)

'n Jaar of wat gelede het Riaan Cruywagen se verteenwoordigers van die TV-program "Met 'n Huppel in die Stap" Kokanje besoek en die vorige Hulpfondsvoorsitter, (wyle) Frans van Dyk en komiteelede te woord gestaan om ons unieke Hulpfonds en die Hoekwinkeltjie aan die hele Suid-Afrika voor te stel. *Red.)*

HOEKWINKELTJIE SE BESIGHEIDSURE

**Dinsdae en Vrydae
vanaf 09:00 tot 11:00.**

Daar is geskenkbewyse te koop by die Hoekwinkeltjie, vir Kersfees of ander geleenthede.



CANSA/KANSA – FONDSINSAMELING VIR 2022

SO VAN TOKTOKKIES GEPRAAT...

KANSA (Kankervereniging van Suid-Afrika) se vrywilligers (genoem Toktokkies), wat jaarliks geldinsamelings in Kokanje doen, het hierdie jaar **R37 000** ingesamel vir die fonds om kankernavorsing te bevorder.

Ons bedank almal baie hartlik – vir Inwoners se betrokkenheid en mildelike bydraes.

Elsa Watson,
namens Cansa.



KOKANJE HULPFONDS – MEER FEITE EN NUUS

Die Bestuur van die Hulpfonds is baie dankbaar dat die **KOLLIG** vir ons die platform gee om nuus en feite oor die Hulpfonds en sy werksarm en hoofbron van inkomste, die Hoekwinkeltjie, aan die Inwoners van Kokanje mee te deel.

In die eerste plek wil ek graag aansluit by die brief van Babsie Grobler-Crafford wat vir ons 'n oorsig oor die ontstaan, die vroeë werksaamhede en die suksesse van die Hulpfonds gegee het. Ek wil vandag graag ook 'n regstelling maak en dit is om daardie vroeë pioniers van die fonds, Jan en Tina Boot, Babsie Grobler-Crafford, Jeanette Pienaar en Hetta Uys (ek vertrou dat ek nie 'n naam uitgelaat het nie) op 'n openbare forum te bedank. Ek wil hulle, namens die Hulpfonds, maar ook namens al die Inwoners van Kokanje, hartlik bedank dat hulle niesteenstaande teenstand en terugslae volhard het in hulle pogings om 'n Hulpfonds op die been te bring. As

gevolg van hulle pioniersgees, visie en harde werk, en van diegene wat na hulle gekom het, is dit vandag amper ondenkbaar om aan Kokanje te dink sonder om ook die Hulpfonds in gedagte te roep. Om hierdie feit te onderstreep, wil ek by die syfers wat Babsie genoem het, die volgende aanvullende syfers vir kennisname gee. Tussen 2016 en 2022, het die Hulpfonds reeds die heffings aan Kokanje met die bedrag van R1 057 638 gesubsidieer en gedurende dieselfde tydperk het die Hoekwinkel die bedrag van R997 996 geïnl!

Van die Hoekwinkel gepraat, ons wil graag aan die Direksie en UB baie dankie sê vir die addisionele stoorkapasiteit wat by die winkel toegevoeg is. Hierdie stoorruimte vergemaklik nie alleen die werk van die personeel nie, maar veruim ook die beknoptheid van die uitstal- en verkoopsplasie.

Graag wil **Rona de Jager en die Hoekwinkelpersoneel** 'n vrien-

delike uitnodiging aan alle Inwoners rig om te kom kyk hoe die winkel lyk, maar ook wat alles teen billike pryse te koop aangebied word.

Besigheidsure:
Dinsdag- en Vrydagoggende
vanaf 09:00 tot 11:00.

Vir die Hoekwinkel om optimaal te funksioneer, het ons genoeg helpers nodig. 'n Vriendelike versoek om u naam as helper by

Elsa van Wyk
(WhatsApp – 083 289-0208) op te gee en deel van ons vrywillige helperkorps te word.

Terwyl ons van versoeke praat. Wil u nie asseblief oorweeg om 'n maandelikse bedrag vir die Hulpfonds by u Kokanje rekening te laat aftrek nie? Ons verseker u dat elke sent wat ons invorder, ten behoeve van ons mede-inwoners in Kokanje aangewend word en dat ons daarvan by ons Jaarvergadering rekenskap gee.

Henk Potgieter

BAIE HULP WORD BENODIG, ASSEBLIEF!

Wanneer jy in die oggend al jou werk in en om die huis afgehandel het, wonder jy dan wat om te doen?

1. Skakel my asseblief – ek het 10 mense nodig om te help met **krale/naald/herstelwerk** vir die Hoekwinkel.

2. Ons benodig ook **dringend** die diens van 'n **Horlosiemaker**.

Elsa van Wyk – 083 289-0208.



KOKANJE HULPFONDS BYDRAE VIR KOKANJE HULPFONDS:

Handig vorm in by
Susan Weber.

Hiermee gee ek van woning

toestemming dat KOKANJE-AFTREEOORD maandeliks R..... (.....)
by my heffing, tot krediet van Kokanje Hulpfonds, mag voeg. **Hierdie opdrag bly van krag tot-
dat dit skriftelik gekanselleer word.**

Geteken:

Getuie: Datum:

MELANCHOLY AND AUSTERE EMOTION

Retirement enables us to exercise our hobbies and interests outside of our previous professions. I have been fortunate enough to be able to combine my own interests in writing, art and photography through a website called 1X.com.

Here is a link to a short article ***Melancholy and Austere Emotion*** that was published on the site, and which includes a selection of first-class

photographs taken by a select group of photographers from around the world:
<https://1x.com/magazine/permalink/9361>.

Although the article is aimed mainly at photographers, the thoughts and pictures within reflect many of the emotions and memories that we, as older people, have the pleasure to live with – images that evoke memories, beauty, and reflection...

(Once you are on the link, move your cursor to the left-hand side of the screen and click on "Gallery" to see the latest photos on the site, or on "Magazine" to see the latest articles.)

Lourens Durand



WIL JY NOU MEER?

Hoe verduidelik 'n mens die toenemende sielshunkering van 2 persone wat mekaar 70 jaar laas gesien het?

Dit was die jaar 1952. Die 2 meisietjies was in standerd 3 by die Laerskool Ficksburg. Klein Ada Becker was 'n plaasdogter, met 3 susters, en het in die koshuis gebly. Haar boesemvriendin by die skool, Jeanette van Wyk, was 'n dorpskind en een van 'n identiese tweeling.

Jeanette se pa was 'n polisieman en is verplaas. Die twee maats het voor die tyd lang trane gesit en huil by 'n watervoor. Alhoewel dit die tyd van briefskorrespondensie was, was die nuwe adres van Jeanette-hulle nie bekend nie en daar was geen geleentheid om kontak te hou of later navraag te doen nie.

Ada en die ander klasmaats het tot matriek in Ficksburg skoolgegaan en sy het later in Pretoria gaan studeer. Jeanette ook. Maar, die twee aspirant onderwyseresse het straks soos skepe in die nag verby mekaar beweeg.

Jeanette se eerste pos was in Thabazimbi en sy het 'n jong onderwyser, Apie Korb, en sy vrou, Lina, bevriend. Jeanette en Lina behou kontak toe hulle verhuis.

Jeanette Kramer en haar man, Mich, het eenkeer by Ficksburg aangedoen – 'n nostalgiese besoek aan die huis en bekende

plekke waar sy gedurende haar kleintyd gebly en rondgespeel het, maar nie daaraan gedink om navraag te doen i.v.m. die Beckers nie. Dit was darem al soveel jare terug...

Kan jy glo? Ada en Jan Joubert se seun ontmoet en trou met Lina en Apie Korb se dogter!

Later jare woon Ada en Jan in Vaalboomstraat, Kokanje. Hulle skoonsuster, Lina, en swaer, Apie, woon in Raasblaarstraat.

Elke keer wanneer Ada die identiese tweeling (wyle) Berrie Scholtz en Nietha Mills (van Raasblaarstraat) êrens raakge-loop het, het daar 'n intense verlange in haar opgekom en het sy haar verbeel dat dit is hoe haar eertydse maatjie en dié se sussie op daardie stadium sou lyk. Sy was hartseer dat daar geen manier was om haar maatjie op te spoor nie!

Jeanette-hulle, wat intussen vir 'n ruk lank in Stilbaai gewoon het, het in 2022 (vir Lina) laat weet dat hulle ook na Kokanje gaan verhuis (Krinkhoutstraat).

So gebeur dit dan dat Lina vir skoonsus Ada en vriendin Jeanette oornooi vir tee, sonder om van hulle vorige verbintenis bewus te wees.

Ada en Jeanette is aan mekaar voorgestel:

**"Waar het ek jou voorheen ontmoet?
Jy lyk so bekend!"
was hulle vrae aan mekaar.**

Eers toe hulle mekaar uitvra en hoor dat hulle beide kleintyd in Ficksburg gebly het, het alles glashelder geword. Hulle het mekaar omhels. Dit was 'n baie gewyde oomblik toe hulle besef het dat die 70 jaar van hunkering verby was!

Hulle besef hulle kon so maklik in Kokanje gewoon het, onbewus van mekaar – weer soos skepe in die nag, as dit nie vir die wonderlike, Goddelike ingryping was nie...

Lina (agter), Jeanette (links) en Ada (regs).



ONS EN ONS KLEINKINDERS...

INSPIRATIONAL ELDERS ARE FOUND IN ALL WALKS OF LIFE

Leon de Jager stel voor dat
ons

www.resetretirement.com
besoek om te lees oor ons
tydgenote, Sir David
Attenborough (95), Sir Paul
McCartney (80) en ander, wat
ook nog op en wakker is,
net soos ons...



EMOJI = EMOSIE-IKONE

Die klein Ikon-tekentjies op
jou selfoon, wat gebruik word
om allerlei emosies uit te
beeld (sonder om omslagtige,
tydrowende woorde te ge-
bruik).

Indien jou kleinkinders Netflix
toegang het, kyk gerus saam
met hulle na die oulike, opbeu-
rende en leersame geanimeer-
de "The Emoji I and Emoji II
movies".

Dit gaan oor Gene se wede-
varinge en lewenslesse.


 Kyk/luister na 'n voor-
skou op jou selfoon:

"Google,
The Emoji Movie I or II."
Druk driehoekie en kyk/luister
daarna.



Het jou kleinkinders
jou al geleer hoe om
etes in McDonalds te
koop (op die groot
 elektroniese
bestelbord)?

Tap-tap/toep-toep,
met die vingers...



KINDER- PROGRAMME GEDURENDE DIE KERSVAKANSIE

Hou die Kokanje-Blitsnuus
dop vir inligting aangaande
hierdie heerlike program.


Kleinkinders, vergesel deur
en onder toesig van hulle
Ouma/Oupa of Ma/Pa, kom
lekker speel en kunsvlyt
doen in en om die Lapa.

Bring eie verversings saam,
en indien verkies, 'n donasie-
tjie om die kostes te help dra.

Aanbieders:
Pieter en Annelie Knoetze,
Rita Noeth, Chris
Shepherd, Erika van der
Merwe, Christie de Jager,
ens.

Juffrou: "Die eerste een wat
my vraag kan beantwoord
gaan vroeg huistoe"...
Jannie gooi sy tas by die klas
se venster uit...
Juffrou: "Wie se tas was dit?"
Jannie: "Myne Juffrou"
"Cheers ouens"





Ons koop
bakkies, karre
karavane, waentjies

Derrick 0836580986

doen alle papierwerk namens verkoper

Geseënde Kersfees

SKOONMAAK VAN:
MATTE
SITKAMERSTELLE
EETKAMERSTELLE
VOERTUIG SITPLEKKE
ENIGE STOFFERING

GOU DROOG, EIENAAR TOESIG.
14 J DIENS
DERRICK 0825397168



Waterberg Quickdry



PRETORIA OOGINSTITUUT
PRETORIA EYE INSTITUTE

Dr Johann Grobbelaar

Oogchirurg / Eyespecialist

Pretoria Eye Institute, Suite 219, Schoemanst 630

Nylstroom—Elke 2de Vrydag by Dr Veldman se kamers

Tel: 012 343 8333 / 5
docgrob@mweb.co.za

Nylstroom 012 343 8333

PEUSELGOED vir die KERSFEESBESOEKERS

MOSTERTRING

Bestanddele:

1. Klits saam en hou eenkant:
- 4 Eiers
- 250 ml Water
- 125 ml Asyn.

2. Klits saam:

- 175 ml Witsuiker
- 15 ml Mostertpoeier
- 2 ml Borrie
- 1 ml Sout
- 15 ml Gelatien.

3. Klits mengsel 1. en 2. hierbo saam in 'n mikrogolfbak.

4. Kook en roer:

- 1 minuut op 30%.
- 1 minuut op 50%.
- 1½ minuut op 70%.
- 1 minuut op 100%.

8. Koel verdikte mengsel af en roer kort-kort sodat geen vel bo-op vorm nie.


9. Wanneer heeltemal koud, roer 250 ml styfgeklitste Room by.

10. Giet in 'n ringvorm (met koue water gespoel of met Spray-and-Cook bespuit.)

11. Plaas in yskas om te stol.

12. Ontvorm op slaaboard, versier mooi en bedien met koue of warm vleisdisse.

GERDA J. VAN RENSBURG



VRUGTEKOEK

Bestanddele:

- 3 kop Vrugtekoekmengsel
- 230 gr Kersies – gesny
- ½ kop Dadels – gesny
- 1½ kop Kookwater
- 1 kop Suiker
- 115 gr Botter
- 1tl Koeksoda

- 2 kop Koekmeel
- 1tl Bakpoeier – hoogvol
- ¼ tl Sout
- 1 Eier – baie goed geklits
- 2 eetl Brandewyn.

Metode:

1. Kook alles (vanaf koekmengsel tot koeksoda) saam vir 10 minute.
2. Koel dit af.
3. Gooi die res van die bestanddele by.
4. Meng goed saam.
5. Gooi deeg in 'n gesmeerde, foelie-uitgevoerde pan.
6. Bak teen 150° C vir 2 uur.



MEISIE DE BEER

KARTETS-TERT

Bestanddele:

- ½ pak Cream Crackers
- ¼ kop gesmelte Botter/Margarien
- 2 Eiers
- ¼ kop Neute
- 1 tl Bakpoeier
- ½ kop Suiker
- ½ kop fyngesnyde Kersies.

Metode:

1. Breek Cream Crackers grof.
2. Voeg neut, kersies en bakpoeier by.
3. Room eiers en suiker en voeg by vorige mengsel.
4. Voeg botter/margarien by.
5. Druk effens plat in ronde glasbak en bak vir 20 minute by 180°C. (Of 4 minute lank in mikrogolf, op 'n piering.)
6. Versier met gekookte Kondensmelk en Room.



SUSAN BOSHOFF



DADELBALLETJIES

(Mikrogolf.)

Bestanddele:

- 500 gr Dadels (gekap)
- 220 gr Margarine
- 200 gr sagte Bruinsuiker
- 1 ml Sout
- 60 ml Water
- 100 gr Okkerneute (gekap)
- 125 gr (4 k) Rice Krispies
- 90 gr Klapper.

Metode:

1. Migrogolf dadels, margarine, suiker, sout en water oop (in 'n groot diep bak), teen 100% vir 9 minute.
2. Roer elke 3 minute. Die mengsel sal botterig lyk. Klop goed, tot olierigheid weg is.
3. Meng neut en Rice Krispies by en laat afkoel.
4. Wanneer dit hanteerbaar is, maak balletjies en rol in klapper.
5. Laat styf word.



CORRIE VAN DER LINDE

EK KAN DIT AANBEVEEL – DIT HET VIR MY GEWERK...



1. **Lena van Aarde**
het gebruik gemaak van die
diens van **Rudi (Handyman**
Sel: 072 252-9221) vir
herstelwerk aan haar **yskas**.

2. **Willie en Elize Swanepoel,**
asook
Lourens en Ricky Durand

het onlangs héérlik by
Ngwenya Lodge
gebly en die
Kruger Wildtuin besoek.
Lourens en Ricky meld dat
daar soms baie aantreklike
spesiale aanbiedings op
hierdie
vakansieoord se
Facebook te vinde is.



3. **Frans** (seun van)
Len en Athol Jennings
was baie tevrede met die
diens van
Ster Radio
toe hulle TV en toerusting
beskadig is
deur die onlangse erge
donderweer.

PLUIMPIES EN DANKIES

ONS IS BAIE TEVREDE...

met die herstelwerk aan die
gemakstoel op ons voorstoep.
Die slap, uitgediende bande
onder die sitplek se kussing is
vervang met splinternuwes,
wat nou jare lank gaan hou!

Baie dankie, **Nutsman,**
Pierre Krügel –
082 678-4071.

Piet en Hettie Dreyer.

BAIE DANKIE!

Ons is so dankbaar vir die
snelle en professionele hulp
van die **Werkswinkel** tydens
die "ramp" in ons huis. Die
span het sommer dadelik die
vloere kom droogmaak en die
geyser is onmiddellik vervang.
Groot dank aan elkeen wat
betrokke was!

Piet en Pam van Antwerpen.

ONS SÊ OOK BAIE DANKIE AAN DIE WERKSWINKEL...

Dankie vir die skoonmaak en
herstel van ons voorstoep se
dak wat tydens die heerlike
reën 'n oorstroming op ons
stoep veroorsaak het.
Ons probleme met 'n
verstopte riool is ook blitsnel
aangespreek.

Nick en Rita Noeth.

Baie dankie Frans, Marius, Nikki en elke Werkswinkelpersoneel vir al die
reëlins en bystand met die rangskik van tafels en stoele tydens ons Kers- en
Wintermarkte, Jeugdag Pannekoekverkoop en die onlangse Danskompetisie.

Jenny vd Merwe

NAALDWERKKLUB BELOON DIE WERKSWINKELPERSONEEL MET 'N LEKKER "CUPCAKE" ELK.



WATERBERG ENGEN
MODIMOLLE



Verdien tot R8 per liter aan E-bucks per kwartaal as jy by Engen jou motor se tenk volmaak.

Punte met jou Clicks kaart deur jou motor se tenk by Engen vol te maak.

Maak gebruik van die Engen promosie op talle kwaliteit produkte.

Maak gebruik van die bakkerij se kwaliteit en smaaklike produkte – koffie, burgers, pasteie, broodjies, muffins, "slap chips", iets vir kinders se skoolkosblikkies, die soet tand en meer.

078 873 4914
bosveldglas9@gmail.com

BOSVELD GLASS

105B Thabo Mbeki Str. Modimolle, 0510 014 717 2693

082 821 9619

DOVES
FUNERALS • INSURANCE • MEMORIALS
Est. 1883
Insuring a Dignified Service

Doves Begrafnisdienste is 'n gevestigde ondernemer en bestaan reeds meer as 100 jaar. Daarom kan ons met vrymoedigheid sê: "Ons ken die bedryf"

Doves bied 'n verskeidenheid van dienste:

- * Volledige Begrafnis
- * Volledige Verassing
- * Grafstene
- * Polisse

Begrafnisse of verassings sluit in:

- * Kis
- * Uitvoer van diens by kerk en graf
- * Reël van doodsertifikaat en registrasie by binnelandse sake
- * Reël van Begrafnisbriewe
- * Reël van Blomme
- * Skakel met Predikant of Pastoor

Eksel, Christo Stander is reeds 26 jaar in die bedryf en kan u behulpsaam wees met enige navrae. Vra gerus die vrae wat u al lankal kwel.

Seën vir u en u familie
Christo Stander
Bestuurder
Doves Modimolle en Bela Bela
072 280 4564



Hannelie de Beer
Fisioterapie
(Praktyk nommer: 961906)

Nuwe Fisio in Nylstroom en Warmbad
Bekwame terapeut met oor 15 jaar
werksondervinding in Suid Afrika en Australië.

In Nylstroom reg oorkant rolbalbane
en in
Warmbad langs Natspat Swem
Akademie!

Kontak gerus **078 426 9685** vir enige
navrae.

hdebeerphysio@gmail.com



EYESense

*Measure non-presurised tanks storing
any commodity. Visibility through the
realtime dashboard*



Metron Agri Salus



Berno Grobbelaar

+27 76 313 1661

Ben Grobbelaar (Kokanje)

+27 82 897 5656

EYEGas PRO



*Monitor your LPG level
realtime on your mobile
device*



**Besoek ons vandag
nog om meer uit te
vind oor ons **nuutste**
aanbiedinge.**

Ons **vriendelike** en **professionele** span
is gereed om u by te staan.



WIL BEKOSTIGSARE OOGSORG

Bespreek u **omvattende**
oogtoets vandag.

MODIMOLLE 014 717 5448

Winkel 6, Modi Mall

modimolle@specstores.co.za

BELA BELA 014 736 6061

Winkel 1, Waterberg Boulevard Gebou,
Sparsentrum

belabela@specstores.co.za

SPARROWHAWKS AND OTHERS IN KOKANJE

There is something about predators that sparks a light in the minds of us humans. For example, after a trip to Kruger Park, what do we tell our friends about? Not how many impala or kudu we saw, but how many lions and more especially, how many leopards we saw – only after that do elephants and perhaps others like buffalo and rhino get a mention. And while we might pause to look at a herd of impala while out driving in the park, it's not these that are at the top of our look-for list, but the predators.

The thing about predators, though, is that they are in our midst at every level in the natural world, from wasps that prey on caterpillars and ant-lions that ensnare ants in their sand-traps, to hawks that prey on smaller birds and, ultimately to the big cats that catch and eat other animals even larger than themselves.

Right here in Kokanje we are daily witnesses to three bird predators that live in our midst and which are a match in every way to the leopard for their stealth and cunning. They are all members of the same family, the sparrowhawks (sperwers), and they hunt by stealthily approaching and then swooping on or ambushing smaller birds.

The largest one is the **Black Sparrowhawk (Swart Sperwer)**



and a pair of them is resident here, with their nest close by along the river in Koro Creek. These hawks prey on larger birds that range in size from doves and pigeons to francolins and guinea-fowl, and every time you hear Kwêvoëls alarming or the Rock

Pigeons diving off the roof of the main building you can be sure it is one of these birds that is on the hunt. Often the only physical evidence one has of the outcome is a pile of feathers on the ground where they have plucked their prey.

The middle-sized one is the elusive **African Goshawk (Afrikaanse Sperwer)**, a real stealth-



hunter that preys on doves and smaller birds like barbets and orioles, and also on our squirrels (eekhorintjies) and tree agamas (koggelmanders) when it gets the chance. Unlike the other two, the African Goshawk, which is mainly a forest-living bird, often gives its presence away by circling high in the air calling, making a far-carrying clicking sound. It seems that a single pair is resident here, sharing our property with Koro Creek.

The smallest of the trio is the **Little Sparrowhawk (Klein Sperwer)** and it appears that we have



2 pairs resident in Kokanje and that they have divided up Kokanje into one pair in the east and

the other in the west. They are smaller than doves, weighing a mere 80 g, and they prey especially on waxbills, mannikins and firefinches, often catching them at places where these small finches are coming to feed on the seed that is put out for them in many of our gardens. If you see the sysies on the feeder suddenly diving for cover, you can be sure that they have spotted, and been spotted by, a Little Sparrowhawk which flies in at speed and tries to snatch up one of the luckless birds in its talons.

Like the African Goshawk, Little Sparrowhawks also have a distinctive call, a whistling "tu-tu-tu-tu-tu...", and it is interesting that the Fork-tailed Drongo, of which we have 7 or 8 pairs in Kokanje, mimics these calls to perfection. When the drongos make the calls of these small hawks it is often the case that there is a hawk in the vicinity and it is a warning to other birds. But, as I have mentioned in an earlier article on drongos, the drongo also uses the hawk's calls to create a false alarm and dive in and rob the bird that has been distracted, of its food.

There are, of course, other bird predators in Kokanje but none are in the sparrowhawk league. The little **Pearl-spotted Owlet (witkoluil)** is one of them and interestingly, its call, too, is often mimicked by drongos. Among the others are the **Grey Hornbill (Grysneushoringvoël)**, **Burchell's Coucal (vleiloerie)**, **Grey-headed Bushshrike (Spookvoël)** and **Southern Bou-bou (waterfiskaal)** and their depredation on birds is mainly in the form of opportunistically robbing nests of their eggs or nestlings, as and when they encounter them. This is very much incidental to their staple diet of insects and the story about these species is for another time.

Warwick Tarboton



YOU AND I

We meet as strangers,
each carrying a mystery
within us.

I cannot say who you are.

I may never know you
completely,

but I trust that you are a
person in your own right,
possessed of a beauty
and value –

the earth's richest treasures.

So I make this promise to you:

I will impose no identities
upon you,
but will invite you to become
yourself...

without shame or fear.

I will hold open a space for you

in the world

and allow your right to fill it
with an authentic vocation
and purpose.

For as long
as your search takes,
you have my loyalty.

Author unknown.



AANGENAME KENNIS!

Om 11:00, op 12 Oktober, kon Kokanje-Inwoners amptelik met ons **Sekuriteitsfirma, Santim**, se personeellede kennismaak:

SW Calitz, Eric (hondehanteerder van Megan, die sekuriteits hond wat patrolliewerk doen – foto links) en Joel (hondehanteerder van Vellies, die spoorsnyer – foto regs).



Maria Botha en Vellies was sommer dadelik vriende!

Baie dankie Santim, vir julle uitstekende diens!



NUWE HUISSKOONMAAK- EN TUINDIENSTE


Sarah Rakgoale werk al 8 jaar by **Bidvest Prestige**. Sy kom van Naboomspruit en is bevorder tot bestuurder in Kokanje.



Simon Pilusa werk al 18 jaar by Servest. Hy was voorheen by 1 Military Hospital, Pretoria, en toe bevorder tot bestuurder in Kokanje.



en... SARAH WIE?



“**Sarah Steady**” is 'n Arjo-produk/hulpmiddel wat in die KE gebruik word en so gedoop is omdat dit so stabiel is en die Inwoners vinnig, gemaklik en veilig daarmee rondbeweeg kan word sonder om die verpleegpersoneel se rûe nadelig te beïnvloed. Dit is andersins bekend as die “Pers Rolstoel”. 'n Inwoner sit of staan daarop terwyl die verpleegpersoneel hom/haar byvoorbeeld vanaf sy/haar eie kamer na die badkamer/toilet neem.

KOKANJE-(NOOD)NOMMERS

KE	– 076 457-6912	(24-uur).
Bestuurder op Roep	– 076 091-0354	(24-uur).
Ondersteunings- dienste (Tuisversorging).	– 072 040-6133	(06:30-18:30)
Kokanje Skakelbord	– (014) 715-2030/1/2/3	(07:30-16:00).



ONTMOET ONS NUUTSTE INTREKKERS

RINA LÜNEBURG
(nee Terblanché) – 15B.

Kom van die plaas Assen (tussen Brits en Thabazimbi). Rina se man is oorlede, haar dogter bly in Australië, en haar seun en skoondogter, Jan en Magda Lüneburg, is haar naaste familie saam met wie sy nou heerlik in Kokanje gaan woon. Sy is nog besig om uit te pak.



JOHAN EN MARIETJIE HOMAN
(nee Cronje) – 17C.

Kom van Ellisras. Sekuriteit en die KE was redes om in Kokanje te kom woon. Hulle is nog druk besig om uit te pak!



MARTHIE OLIVIER
(nee Coetzee) – 82C.

Voorheen van Lydenburg. Sy het haar eie navorsing gedoen oor Kokanje. Die rede vir haar besluit om hier te kom woon, was die uitstekende sorg vir ver-swakte bejaardes.

Marthie het verlede maand ingetrek en is nog splinternuut hier in Kokanje.



JOHAN EN ENGELA DE BEER
(nee Brink) – 10A.

Hulle het voorheen in Pretoria gewoon. Hulle familie en vriende in Kokanje is Hettie Kotze, Sarel en Winnie Celliers en Mariëka Visagé.

Wat Johan en Engela van Kokanje gehoor het, het hulle so geprikkel dat hulle kom kyk het. Baie beïndruk met ons Oord, het hulle gou hulle huis verkoop en 'n jaar later hier ingetrek. Die twee sien daarna uit om hulle laaste seisoen dol gelukkig hier te woon en dank die Here wat dit vir hulle moontlik gemaak het. Engela het al by die Damesklub aangesluit.



LEON EN LYNETTE VAN DER WALT
(nee Spies) – 67F.

Voorheen van Ellisras. Hulle het besluit om in Kokanje te kom woon nadat hulle houtsnylesse by (wyle) Susan Hugo gekry het en van Kokanje se leefwyse gehou het.



NOËL EN ANNATJIE VERMEULEN
(nee Greyling) – 92D. ➡

Het vanaf Koro Creek hierheen verhuis. Ken al die Kokanje-gholfspelers. Hulle ouderdom en die voordele wat die KE inhou, was die hoofredes om in Kokanje te kom woon. Noël speel gholf en Annatjie maak graag tuin.



Edelweiss Brits

VAN TOEKA TOT NOU

(Die sirkel voltooi.)

Elke nuwe dag is die eerste dag van die res van jou lewe. Oor wat môre voorlê, het ons geen sekerheid nie. En so gaan ons lewens verby. Die een dag vloei in die ander en die een jaar in die volgende.

Die foto hierby is op 7 November 1964 geneem tydens so 'n "eerste dag" van die res van ons lewens.

Die klein bruidjie op die foto is Xandrie, met dieselfde styl rokkie en haartjies gedoen soos haar Tannie Dawn s'n, en dieselfde ruikertjie. Sy is Ousus Jeanette se dogter, toe nog nie eers vier jaar oud nie, en watter klein poppie was sy nie!

Maar wie sou daardie dag kon dink dat ons 58 jaar later saam in Kokanje sou woon? Xandrie het later haar van "verander" na Keyter en sy en Gerhard, ook al Ouma en Oupa, het afgetree en woon sedert 10 Augustus vanjaar in Kokanje. En soos in die titel genoem, is die sirkelgang van ons lewens min of meer gesluit toe hulle, as ons bure, hul intrek in 115A geneem het.

Na 'n heel lang stilte sedert Oom Willie Arendt verhuis het na sy bruid se woning, is daar weer lag en lewe langs ons.

Ons heet hulle hartlik welkom in ons eie
"Luilekkerland"!

Mervin en Dawn Burger

Xandrie en
Dawn in
1964 en
2022.



MILK=AVO?

Kokanje het oor die afgelope 2 jaar al hoe meer van elektroniese media gebruik gemaak om met Inwoners te kommunikeer.

Ons hoor van **MILK** en **AVO**. Is dit kos? Nee – MILK is 'n afkorting vir **My Inligting vir Lewe in Kokanje**. Dit is die Kokanje-naam vir 'n toepassing (App) op jou slimfoon. Die toepassing is ontwikkel deur AVO, 'n afdeling van Nedbank Beperk. 'n Kokanje-projekspan het die toepassing aangepas vir Kokanje en doen ook verdere ontwikkeling binne die AVO-raamwerk.

Hoe pas MILK in by Kokanje se elektroniese kommunikasie-strategie? Dit bevat inligting wat 'n langer raklewe het (Bv. Omsendbriewe) terwyl Blitsnuus inligting gee wat 'n kort raklewe het (Bv. Kennisgewings van gebeure in die saal of Oord.)

Wat kan ek op MILK kry?

- Al Kokanje se noodnommers;
- Kontak-inligting (selfoon, landlyn en E-pos) vir al die bestuurders en adminpersoneel;
- Elektroniese weergawes van **KOLLIG**;
- Omsendbriewe;
- Maandelikse "Uit die BK"-skrywes;

- Sport- en Ontspanning en Dienste (SOD) kontaknommers;
- Beurtkragskedule;
- Direkteure se portefeuljes en hul kontak-inligting; en laastens...
- kan jy ook inligtingsversoeke aan die adminpersoneel stuur via jou E-pos toepassing.

Byvoorbeeld:

Bewys van adres aanvra.

Huidige boedelwaarde aanvra.

Kombuis laat weet dat jy uitstедig is vir 'n periode.

Klagte/Kompliment plaas.



Hoe kry jy toegang tot MILK?

Registreer jou E-pos-adres as 'n MILK-gebruiker by Karen Pienaar. Laai die AVO Community toepassing op jou foon en aktiveer jou wagwoord.

Jan Delport
(The MILK man.)



GISTER (1986) en VANDAG (2022)

Ek het gedink al die onnodige dinge in ons huis is weggegooi en die res mooi reggepak na die 2020-2021 Covid-19 inperking. Maar, intussen het ons weer dinge vergader en wat toe gehou is, is nou in die pad!

Met die onlangse regpak het ek op 'n ou Sarie van 1986 afgekom tussen my kaartjies, wolletjies en lappies. Ek begin toe baie nuuskierig deur die tydskrif blaai en wonder waarom ek dit gebêre het.

Op die voorblad word verwys na interessante dinge en ek blaai verder...

Die eerste artikel wat my aandag getrek het, was oor onse skone Penny Coelen (Mej Wêreld – 1958). Wyle dr. Isak de Villiers het die vrae gestel.

Die haarstyle en rokke lyk jou-werklikwaar soos die modes van 2022! Net die swemdrag lyk nie soos vandag s'n nie.

Die koninklikes van Engeland was toe ook in die nuus. Prins Andrew en sy rooikop, Sarah Ferguson (Fergie), en die Prinses van Wallis (wyle Diana) en Charles pryk op die volgende paar bladsye. Fergie met 'n wye glimlag, maar Diana altyd skaam en teruggetrokke. Hulle kleresmaak het soos dag en nag verskil, alhoewel hulle kleurvolle rokke en die mooiste hoede almal se koppe laat draai het. Koningin Elizabeth II was altyd (tot en met haar dood in 2022) prag-

tig getooi – met hoed en handskoene om haar uitrusting af te rond. Ons huidige haarstyle weerspieël Fergie se rooi bos hare en Diana se mooi gekarteldes.

Akteur Pierre Knoesen pryk ook in die tydskrif met sy mooi, veelkleurige hemp, wat byna soos wyle Nelson Mandela s'n gelyk het.

Soos my vingers deurblaai, sien ek die mooiste, elegantste, gekleurde skerppunt-skoentjies met mooi fyn hakies, oop toontjies en dun bandjies om die enkels. Net soos in ons winkels vandag.

Die skoonheidsraad van toeka se dae is presies dieselfde as vir vandag en die modelle was pragtig met hulle mooi gladde velle, rooi lippies en mooi ge-grimeerde oë. En les bes, hierdie raad: "Hou op om te frons of jou mond te trek wanneer jy praat. Sê die alfabet voor 'n spieël op. Met geduldige oefening kan jy uiteindelik van al jou nare gewoontes afsien."

Ek blaai verder en daar sien ek die vrolike kleure van mooi bloesies, rompe, rokke, kort-en driekwartbroeke – alles weer vandag in die mode!

Die verhaalefees gaan oor geloof, hoop, liefde, die wolf in skaapsklere en die vervulling van drome – presies dieselfde temas as wat ons tans in die Kokanje-Biblioteek vind.

Binnenshuisversierders en tuinbougeesdriftiges van gister

en vandag verskil ook baie min.

Breipatrone was pragtig, net soos vandag – helder kleure en kabels. Die wol hoef nou nie meer self opgedraai te word nie, jy koop dit sommer klaar in bolle.

Die tydskrif se einde is in sig... Blokraaisels is tans net so gewild as gister. Kopkrappers word net vandag bygevoeg.

Ken julle hierdie interessante woorde van gister wat glad nie meer vandag gebruik word nie: 'n Ouderwetse ledekant (bed) is 'n **babbelloentjie**. Vader van die huis is 'n **paterfamilias** en die jong-meisie met 'n dun middeltjie het 'n **perdebylyfie**.

Hartseer bereik ek die agterblad. Skrywers soos dr. Izak de Villiers en Joan Kruger (van gister) en Rianna Scheepers (van vandag) het my soms eerste daarheen laat blaai vir geestelike pitkos en inspirasie.

Ek bêre weer die tydskrif en is dankbaar dat ek ook deel kon wees van gister, en vandag nog die voorreg het om interessante boeke en tydskrifte in Afrikaans te kan lees.

Liewe Inwoners, geniet julle Feesseisoen en ook julle voorkeurleesstof in 2023.

Paula Nienaber



**Ag, as die pryse
maar net
dieselfde kon
bly...**



KOMMUNIKASIE:

KOLLIG, SOOS DIT BEPLAN WORD DEUR DIE 2023-REDAKSIE

A. KOLLIG IS...

1. 'n uitstekende Bemerkings-middel van die Kokanje-Aftreeoord om voornemende kopers na ons besige, borrelende en byderwetse Oord te lok.

2. die unieke Mondstuk en Nuusbrieff van die Bestuurskomitee en Uitvoerende Bestuurder van die Kokanje-Aftreeoord om aktuele sake en inligting aangaande sy Portefeuljes en Sport- en Ontspanningsklubs en Dienste aan Inwoners oor te dra.

3. die Middel om met nagevorste Inligting afwesige Inwoners (in hospitale of met vakansie, huisgebonde en niebeweeglik) op die hoogte van Oordgebeure te hou, te bemoeidig en te vertroos en om so-doende onkunde, stoepdebatte en vereensaming te voorkom. Die blad word, saam met voedsel wat tuis afgelewer word, aan huisgebonde Inwoners gegee.

4. die noue Skakel tussen Inwoners, die Kokanje-Bestuur en die dorp. (Advertensies en inligting.)

5. Inwoners se "eiendom" (die fondse kom uit die Begroting – elkeen se heffing) en elkeen het dus die reg om gepaste materiaal in te stuur vir plasing. Personeel en kinders van Inwoners mag ook iets laat publiseer.

6. 'n Aktuele, Konstruktiewe, Opbeurende Nuusbrieff wat lig en luimig is, eerder oplossings/beproeefde raad as probleme bespreek en geen vulgêre materiaal bevat nie.

KOLLIG BEVORDER

7. kreatiwiteit (skryf- en digtalent), rekenaarvaardigheid en kennis van moderne tegnologie (uitleg en samestelling van die blad). Persone wat nie oor bogenoemde beskik nie, word ook ingesluit wanneer hulle materiaal deur ander outeurs instuur (daar word erkenning aan outeur en instuurder gegee).

ALGEMEEN

8. Nuwe Inwoners word in **KOLLIG** verwelkom en gedurende die persone se lewensfase in Kokanje verskyn hulle name/foto's/bydraes in die blad. Met die persoon se afsterwe verskyn sy/haar naam vir oulaas in **KOLLIG**.

9. Advertensie-inkomste dek tans 42% van die drukkoste en is dus van kardinale belang. Ons poog deurentyd om ons Adverteerders se belange (binne en buite) Kokanje te bevorder en om hulle te ondersteun. Hulle borg van ons funksies, veral die Karnaval. (Drukkoste September-eksemplaar: R47.60, minus Advertensie-inkomste R21.91 = netto prys van R25.69.

10. Inwoners wat iets wil adverteer, maak gratis gebruik

van "Smalls". Indien dit 'n voortdurende diens is, word hulle gegewens op die Nuts-persoonlys geplaas.

11. Bestuur en samestelling van die blad is deur die Redakteur en Redaksielede, wat samewerking **DEUR** alle **INWONERS** bevorder en word finaal deur Postnet versorg en gedruk.

12. Gebeure **OOR INWONERS**: Wanneer hulle in Kokanje is, asook gebeure met Inwoners wanneer hulle met vakansie of in hospitale is.

13. VIR INWONERS – iets vir elkeen – lees die blad alles-insluitend of selektief.

KLEURVOLLE KOLLIG

Drukkoste, veral vir kleurbladsye, styg by die dag... Dit is die rede waarom ons net spesifieke bladsye in kleur kan laat druk.

 Indien u, u familie en vriende dit egter in volkleur wil geniet, besoek gerus Kokanje se Webblad vir hierdie skouspel!

 Dit verskyn ook op Kokanje se MILK=AVO.

Ons bespaar nou ook verdere koste deur die buiteblad op gewone papier te laat druk!

KOMMUNIKASIE:

KOLLIG

(VERVOLG)

14. Die Voorblad is altyd "inheems".

15. Kort en kragtige artikels word gekeur, taalversorg en gebruik, en langeres word verkort sonder om die skrywer se skryfstyl of boodskap te beïnvloed.

16. Die Adverteerders, Redaksie en Inwoners word altyd bedank vir hulle deelname.

17. **KOLLIG** bevat 'n Vrywaringskennisgewing wat meld dat die Kokanje-Bestuur nie noodwendig die menings wat deur medewerkers uitgespreek word, onderskryf nie.

18. **KOLLIG** bevat "GPS"-koördinate en Kokanje se telefoonnommer, sodat persone wat dit lees, weet waar die aftreeoord geleë is en hoe om ons te bereik.

19. 'n Proefkopie vanaf die drukkers word finaal geproeflees en gekorrigeer voordat **KOLLIG** gedruk word.

20. **KOLLIG** verskyn daarna op die Webwerf en Milk=Avo sodat voornemende kopers, sommige Inwoners, ons kinders en geliefdes elektronies op die hoogte van inligting aangaande Kokanje kan bly.

21. Sommige bure/vriende van Swaksiende Inwoners lees vir hulle voor uit die **KOLLIG** om hulle op die hoogte te hou van Kokanje-aangeleenthede.

DOELSTELLINGS VAN DIE 2023-REDAKSIE (WAT DIE GESKIEDENIS EN KULTUUR VAN KOKANJE GOED KEN):

Om Kokanje se naam altyd hoog te hou.

Om 'n Puik Glanstydskrif te publiseer, wat Interessante en Leersame artikels bevat, asook Lig en Luimige staaltjies/grappies/vullertjies, met bypassende foto's,

Om Afrikaanse en Engelse artikels in te sluit en advertensies wat beide Inwoner en Adverteerder bevoordeel.

Om byval te vind by die Inwoners en om ag te slaan op opbouwende kritiek.

Om weer mee te ding aan die Gyskrag-Nuusbriefkompetisie en weer onder die eerste drie weners te eindig – straks as nommer een (soos in 2015).

Rita Noeth

VERDERE KOMMUNIKASIEKANALE OM INLIGTING EN NUUS AAN INWONERS OOR TE DRA...

Aansteekborde – Susan Weber.

Advertensiebord (SOD) in die voorportaal.
Klank-en-Beeld

– Pieter Knoetze.

Kokanje-Blitsnuus (WhatsApp);
Kokanje-Facebook;
SMS; – Jan Delport en Karen Pienaar.

Kokanje-Webwerf – Anina Pretorius.

Milk=Avo – Jan Delport.

Posvakkies (briewe vanaf Uitvoerende Bestuurder) – Karen Pienaar

TV-Skerm in voorportaal – Louise van Zyl.



Albert Venter



Bladsy geborg deur Nick en Rita Noeth. Baie dankie, Redaksie.

PROFESSIONELE WAARDASIES DU PREEZ NEL

**WAARDEERDERS • TAKSATEURS
VALUERS • APPRAISERS**

**POSBUS 1182, KOKANJE, 0515
TEL: (014) 715 2338
SEL: 083 268 3711
dupreezn@telkomsa.net**

Kokanje Skoonheidsalon
Kom bedef jouself

Foot & Body
Worx

Dienste:

- Tint
- Waksbehandeling
- Voetbehandeling
- Masseerings
- Naelbehandeling
- Wenkbroue
- Wimpers
- Facials



Mari Mare:
082 874 9249

Pikkie Meubelvervoer

Sedert 1975. LANDSWYD



**Bestuur self en toesig vir u gemoedsrus
Geregistreeerde vervoer
met TOE meubelwa**

Opberging en versekering
Tel: 014 717 3101 of 082 557 0511
Strydomstr. 4, Modimolle (Nylstroom)

Solitaire Hair
by Mariana

Tel: 087 813 0867
1A Eland Street, Nylstroom

Plaas Nael

DEUR CORINNE

Manikuur & Pedikuur

082 468 3803

kalahariTM
ancient desert secrets

by
Carina Franck

ARLEX
Premier Oil Based Fragrances

KULTUURKOMITEE: DIE ADAMO-KAMERKOOR

Baie dankie, **Corrie Venter**, dat jy dit vir 'n gehoor van 89 persone moontlik gemaak het om hierdie besonderse koor te "**beleef**". Baie dankie dat jy al 17 koorlede se kostes (vervoer, optrede en verversings) geborg het. Dankie ook vir die pragtige rangskikkings op die verhoog en op die toonbank en die lekker sjerrie vooraf, vir ons elkeen.

Dit was waarlik 'n voorreg om so 'n afgeronde program, so 'n begeesterde groep, presies geklee en pragtig begelei, te kon hoor. Hierdie koorlede (dokters, argitekte, finansiële bestuurders, dosente, onderwysers en entrepreneurs) se liefde vir hierdie kunsvorm is duidelik sigbaar.

Die jong solis met sy pragtige tenoorstem, Pierre van der Merwe, is maar 17 jaar oud en 'n graad 11-leerling. Hou hierdie jongman dop!

Die hoogtepunt van die aand was toe Corrie se seun, Dirk, met sy diep *Basso profundo*-stem "**Jerusalem**" gesing het. Die hele koor het daarna saam met hom gesing en die gehoor is genooi om ook saam te sing. Dit was hoendervleis-mooi en menige traan is weggepink. Elke koorlid het 'n geskenk (Ina Lessing se ingelegte produkte en konfyte) ontvang van ons Komitee. **Baie dankie, Ina!** Groot dank aan die Kultuurkomiteelede vir al julle administratiewe insette en aan Klank-en-Beeld vir julle professionele bystand, soos altyd.

Yvonne Kotzé

NS: Hierdie geval is 'n pragtige voorbeeld van iemand wat haar ryke ervaringsveld deel met mede-inwoners, onder die beskerming van die Kokanje-Kultuurkomitee. Kom gerus na vore indien u kan help om ook

so tot die belewenisveld van ons Inwoners by te dra.

ADAMO-BEDANKINGS

Jo Weir was baie entoesiasies en het gesê dat sy die uitvoering baie geniet het.

Erich en Santie Henn se opmerking was dat dit vir hulle 'n baie spesiale oomblik en ge-seënde ervaring was om aan die gehoor van hierdie besondere en talentvolle koor se optrede te wees. Erich, sanger (en predikant) en Santie, begeleidster en afrigter van die eertydse Nylstroom-manne-koor het hartseer vertel dat hulle koor (wat bestaan het uit 'n groot getal Kokanje-Inwoners en inwoners van die dorp) te wyte aan Covid-19, ontbind is en net 'n wonderlike herinnering in hulle geheue bly.



KOKANJE-KOREFEES -

Saterdag, 13 Augustus 2022

Hierdie pragtige aanbieding, gereël deur Mimi de Villiers, het gesorg dat ons saal propvol was!

Na 'n dansitem deur twee dogters van die LPD-Studio of Dance, het die Kokanje-koor 'n pragtige gewyde program aangebied. Mimi is die afrigter en Ansie van Niekerk die begeleier.

Daarna was die Laerskool Nylstroom se netjies geklede Junior- en Seniors aan die beurt. Elanie Venter is hulle afrigter en Susan le Roux die begeleier.

Dit was nogal 'n ingewikkelde logistieke oefening om al die kinders en volwassenes daar-

na vir 'n massaoptrede op die verhoog te kry. Die pragtige "**Ek wandel in die lig van God**" het die staande applous verdien!

As toegif na die afhandeling van al die formaliteite, het ons eie Galsteensangers die (eers verstomde) kinders en hul ouers/grootouers vermaak met hul komiese "soete agter-op-pie". Hulle wou net meer en meer sien en hulle opmerkings daarna was uiters kostelik.

Groot dank aan al die organiseerders en deelnemers!

'n Besondere woord van dank ook aan al die Kultuurkomiteelede. Die bedrag ingesamel met die verkoop van die R50-

kaartjies sal aangewend word tot die fonds om die Kokanje-saal te moderniseer.

Yvonne Kotzé

KLEURFOTO'S:
Adamo op bladsy 34.
Korefees op bladsy 35.

ERE-LIDMAATSKAP VAN DIE KULTUURKOMITEE

Die Kultuurkomitee bevestig met trots dat ons 72 Inwoners (van 90 jaar en ouer) bekroon het met ERE-LIDMAATSKAP! Hulle het gelamineerde kaartjies ontvang en mag nou alle vertonings van die Kultuurkomitee gratis bywoon.

Hiermee bedank ons hulle vir jarelange ondersteuning.

Toon net jou kaartjie by die toonbank in die voorportaal en bespreek so jou gratis sitplek. Sien jou daar!

Bestuur: Kultuurkomitee.

SPORT- EN ONTSPANNINGSKLUBS EN DIENSTE

CHARL STANDER SE ARTIKEL IN POSKOERANT

Toe die Kokanje-Aftreeoord 37 jaar gelede, in 1985, tot stand gekom het, was dit uitsluitlik vir afgetrede Staatsamp-tenare bedoel. Eers heelwat later is ander pensioenarisse toegelaat.

Daar is tans 856 Inwoners, waarvan 114 uit die vroeë jare dateer (1988 tot 1998). Van hierdie 85- tot 100-jariges is die meeste nog gesond en op die been, maar die KE (Kokanje Eenheid vir Verswakte Bejaardes, opgerig in 1991) is beset met die maksimum getal (45) verswaktes wat 24/7 versorg word. Ander (selfs jonger) inwoners ontvang daaglikse hulp tuis met stort, bloeddrukmeet, beheer en neem van pille.

Salarisse van gekwalifiseerde Verpleegpersoneel, pryse van hulpmiddels/toerusting en instandhouding van die KE styg daaglikse en senior burgers lewe langer as voorheen. Kokanje beplan ook om 'n voltydse Welsynswerker aan te stel om Kokanje-Inwoners by te staan. 'n Advertensie sal binnekort verskyn en dan word aansoeke ingewag.

Net soos elders in Suid-Afrika, hou sommige pensioenarisse se pensioen nie meer tred met inflasie nie en sommige van hulle kinders is ook al op pen-

sioen. Covid-19 se nadraai veroorsaak dat daar selfs Kokanje-Inwoners is wat 'n onbeplande/onverwagte "reversal of fortune" ondergaan het. Daar is Inwoners wat hulle kinders finansieel moet ondersteun – die situasie was voorheen meestal omgekeer.

Die Kokanje-Hulpfonds is in 2014 in die lewe geroep en donasies van mede-inwoners en borge word aangewend om 'n paar (spesifiek gekeurde en mees hulpbehoewende) Inwoners se maandelikse heffings aan te vul.

Die lede van Kokanje se Bestuurskomitee het koppe bymekaar gesit, hard gewerk, borge gesoek en 'n baie heerlike en suksesvolle Golfdag op 22 Julie 2022 gehou waarmee R44 000 ingesamel is. Daar was 52 deelnemers wat die dag baie geniet het.

R30 000 is geskenk aan die KE en R10 000 aan die Hulpfonds – die oorhandiging was tydens die voortsetting van die Algemene Jaarvergadering op 29 September 2022.

Groot dank aan al ons borge (**Hoofborge: PSG en Waterberg Toyota**), organiseerders en deelnemers. Intussen ondersteun Kokanje graag u besighede in die dorp.

Volgende jaar maak ons weer so!

KERSGROETE VAN SPORT-EN-ONTSPANNING EN DIENSTE

Met vreugde deel ons u mee dat Bingo en die Tuinbouklub weer herleef het in Kokanje onder energieke nuwe besture. Die ander klubs is almal weer in volle swang.

Ons bedank **Gert van Heerden** vir sy dienstermyn en heet **Karel Minnie** hartlik welkom aanboord.

Hartlike Kerswense oor en weer.



Charl Stander Karel Minnie

Dagboek asseblief solank die

KERSLIEDERE-AAND

Vrydag, 9 Desember 2022, Karnavalterrein.



❁ LUISTER KERSLIEDERE OP U SELFOON:

1. Google: Naam van Kerslied.
2. Spesifiseer sanger/koor.
3. Kies en luister – YouTube.
4. Luister ander weergawes/liedere ook.
5. Die lirieke is ook daar te vinde.
6. Druk driehoekies – keer terug na Google.



Charl oorhandig die R10 000-tjek aan Leon de Jager (Hulpfonds).

GIMTRIM-ONTBYT – 2022

Uiteindelik breek 15 Oktober aan – ons lankverwagte ontbyt.

Covid-19 het alles kom bevark. Vir 2 jaar is ons ontbytkuiers van ons gesteel! Toe is dit 'n gesukkel om 'n geskikte datum te kry, want na 2 jaar se inperking het almal pad gevat en swerf die wêreld vol.

Dit is 'n vrolike groep wat bymekaar gekom het op die parkeerterrein langs die tennisbaan. Die eerste kuiersessie vind daar plaas voor ons koers kry na Lillies en Limes, 'n katspoegie van ons af.

Soos altyd word jy vrolik en entoesiasies ontvang. Ons tafels onder die bome is keurig gedek met die mooiste glase en waterkragfies wat soos kunswerke lyk, gevul met blomme, kruie en vrugte-

stukkies. Die kos is oondvars, keurig, geurig en smullekker!

Kyk, daar word 'n hond uit 'n bos gekuier, gelag, gekgeskeer, raad uitgedeel en ook getroos. Nog meer gelag en baie gekuier!

Hopeloos te gou vlieg die tyd verby en kom ons kuiertjie tot 'n einde. Elkeen gaan weer sy eie koers – maar almal onthou 2023 is net om die draai!

Onthou net, die Gimtrimmers is 'n unieke en vrolike groep mense.

Kom sluit gerus by ons aan!

Maandae en Donderdae om 07:00 tot 07:45. Ledegeld: R30.

Adri van Tonder
083 417-4232.



VOETSLAANKLUB

Kokanje-Voetslaanklub bestaan uit 164 lede en is een van die gewildste klubs.

In 2022 het ons die volgende interessante plekke besoek:

Metsi-Metsi in April, Klipspringer in Mei, Moletani in Junie, Klein Paradys in Julie, Bosveld Wegbreek in Augustus, Klein Kunkura in September, Driefontein C-18 in Oktober en Ezingweni in November.

Op 1 Desember (LW. 'n Donderdag) stap en hou ons die Jaarafsluiting by Soetdorings. In Januarie sal daar geen uitstappie wees nie.

Nuwe vriendskappe is gesmee en oues het verder gegroei ty-

dens die op- en afdraandstap en om die braaivleisvuur.

Klubgelde is R40 per lid per jaar. Uitstappies kos R30 elk (besoekers R35).

Ons kom elke eerste Vrydag van die maand in die parkeerarea, voor die hoofingang, bymekaar. Daarna ry ons na ons bestemming. Lede voorsien hulle eie koffie, beskuit, peuselgoed, vleis, bykos en vog, asook stoele en tafels. Baie dankie vir die heerlike pap en sous wat van tyd tot tyd deur die bestuurspan voorberei/gereël word.

Daar is kort en langer roetes om van te kies. (Tussen 3 en 6 km.) Om ongeveer 11:30 is die vure gereed vir braai.

Daarna word daar heerlik geëet, gedrink en 'n hond uit 'n bos gekuier.

Elsa van Wyk



Kom sluit gerus by ons aan om heerlik te stap en te kuier!



JUKSKEI – 29STE MEESTERSTOERNOOI IN KROONSTAD

Jukskei-park in Kroonstad is dié plek waar verskillende kompetisies deur die jaar gehou word. Daar is 72 bane en spelers kan in die chalets tuisgaan. Daar is ook kampplek indien jy vir die hele tydperk wil kamp.

Die Meesterstoernooi is gehou gedurende die week van 3 – 7 Oktober 2022. Daar was altesame 41 spanne en 14 unies het deelgeneem. Al die spanne se punte vir wedstryde wat gespeel is, word bymekaar getel om te bepaal wie die meeste punte in die toernooi behaal het. In die eerste plek was Oos-Gauteng met 1 099,5 punte, en Noord-Kaap tweede met 1 006 punte. Hoewel Limpopo net 5 spanne ingeskryf het, was ons 3de met 998 punte! Die span waarin ek gespeel het, het die Pruimpie Botha-trofee verower en elke spanlid het 'n goue medalje ontvang.

Unies wat deelgeneem het: Oos-Gauteng; Noord-Kaap; Limpopo; Gauteng-Noord; Suid-

Vrystaat; Oos-Vrystaat; Noord-Vrystaat; Overberg; Westelike Provinsie; Noordwes; Mpumalanga; KZN; Wesrand en Nelson Mandela-Baai.

Jukskei kan deur oud en jonk gespeel word. Kom geniet die buitelug en kry 'n bietjie Vitamine D op jou vel.

Tina Brits (2e van regs)



Baie hartlik geluk, Tina! Kokanje is baie trots op jou!

TUINBOUKLUB



Freda Hayward

1. Members of our club (Max Verhage, Johann Bornman, George Linde, Gordon Rollason, George Temple, Susan Lourens and I, as well as many other people from Kokanje) recently attended the magnificent **Orchid Show** of the Modimolle Orchid Society in the Modimall. They exhibited many cymbidiums, cattleyas and dendrobiums.

I met a lady who belongs to the Vlake Orchid Society. They live on a farm outside Modimolle and grow the most beautiful Orchids. Her name is **Elsa**, (cell **082 770-7926**) and she can be contacted for more information on these beautiful plants.

2. Die Tuinbouklub het op Dinsdag, 14 Oktober, in die skadu van 'n groot boom lekker geleer en saamgesels oor **Wurmkompos**. Na die aanbieding kon gaste kyk, voel en ruik aan die aardse eindprodukt van 'n wurmkolonie wat al heelwat van hul kos in ryk, donker humus verwerk het.

Van die interessanthede wat geleer is, is dat net 'n spesifieke erdwurm (*Eisenia fetida*) geskik is vir 'n "boerdery" in die houer. Hulle sal nie oorleef as hulle in jou tuin vrygelaat word nie, en ons "gewone" erdwurm sal nie oorleef in die omstandighede in 'n houerplaas nie.

Verder is die (vrugte/groente) uitloosel wat onder die houer uitloop as ongeskik vir jou tuin geïdentifiseer. Gooi dit lievers op jou gewone komposhoop of terug in die houer. Kompost is 'n hele ander proses waar 'n hand-vol van die wurmkompos in 20 liter water opgelos word en met suurstof behandel word. Dit is goud werd vir jou tuin.

Interessant dat die klein wurmpies 'n krop het (soos voëls!)

waar die kos finaal verteer. Hulle benodig dus ook fyn sanddeeltjies/klippies in hul dieet.

Na 'n glasie wyn en southappies is daar heerlik gesels. Nog 'n Tuinbouklubkuier agter die rug!

Annalise Delport
(tydens 'n Bonsai-praatjie)



(Baie geluk aan hierdie Klub, wat weer herrys het... Hulle "Deurstaptuin"-inisiatief, tesame met mooi foto's op die TV in die voorportaal, van die tuine wat besoek kan word, is prysenswaardig! Red.)

NAALDWERKKLUB

Die Naaldwerkkklub se flukse dames het baie vermag die afgelope paar maande: Daar was 'n baie suksesvolle Wintermark, Jeugdag se pannekoekverkope, koffie-en-pannekoek-verkope tydens die Limpopo-danskompetisie, asook die Kersmark en Teetuin.

Verder het die lede hulle spogresepte in 'n spesiale Naaldwerkkklubkookboek laat opneem en al die 220 boekies is reeds verkoop. Sien 'n paar van ons resepte op **bladsy 49**.

Behalwe vir ons eie handwerkies en projekte, het ons ook weer die wit handdoekstofborslappe vir die KE-Inwoners gemaak.

**Esther Ebersohn en
Julienne Davel besig
om die borslappe uit te
sny.**



Die dames wens alle ander klubs se lede en ander Kokanje-Inwoners 'n besonder geseënde Kersgety toe – ons hoop ons resepte dra daartoe by dat u besoekers hulle kuiertjie in Kokanje baie geniet. **Mag al die mooi dae van 2023 u harte verbly!**

Groete
Jenny van der Merwe

(Ons harte gaan uit na Jenny, JP en hulle familie met die onlangse afsterwe van Jenny se ma. Red.)



UIT DIE BIBLIOTEEK – OKTOBER 2022

2022 met sy hartseer en vreugde is besig om vinnig ten einde te loop.

Daar het die afgelope tyd baie dinge in die Biblioteek gebeur, onder andere die aanbring van smal boekrakkes teen die sykant van die bestaande boekrakke. Dit het meegebring dat daar 'n bietjie meer rakspasie geskep is, alhoewel dit nog eensins voldoende is nie. Dan het ons, in samewerking met die Kultuurkomitee, 'n verskeidenheid Afrikaanse boeke uitgestal – van die nuutste uitgawes tot boeke uit toeka se dae. Die ou romans van jare gelede en ou tydskrifte soos Huisgenoot, Rooi Rose en die destydse Sarie Marais, het wye belangstelling gelok.

Daar is so pas weer 'n hele klompie van die heel jongste publikasies, deur die mees populêre skrywers, aangekoop en ons is reeds besig om 'n volgende lys boeke saam te stel om dit voor die einde van die jaar aan te koop. Kom plaas jou versoeke op rekord.

Nuwe Intrekkers word hartlik genooi om die Biblioteek te besoek – te danke aan lugreëling is dit heeltemal koel in die somer! Daar word sagte, strelende agtergrondmusiek, asook vrolike, op en wakker musiek gespeel. Kom loop rustig deur die rakke, kyk wat alles aangebied word en kom so onder die indruk van die belangrike en uiters noodsaaklike diens wat Kokanje op hierdie wyse aan sy Inwoners bied. Die lokaal is by die hoofingangsportaal geleë, en hoewel nie baie groot nie, huisves dit 'n

baie groot verskeidenheid boeke – Afrikaans en Engels – normaal en grootdruk.

**Die Biblioteek is Maandae en Donderdae oop
vanaf 09:00 tot 11:15.
Ledegeld: R30 per jaar per persoon.**

BOEKE WAT PRAAT

Bandhulp vir Blindes ("Tape Aids for the Blind") is 'n organisasie wat m.b.v. bandopnames van boekvoorslesings gesiggestremdes help om die wêreld deur boeke te beleef en te geniet. Aanvanklik is boeke op kassette voorgelees, maar is nou in digitale formaat (MP3-CD's). Hulle 3-jaaroue webtuiste is toeganklik vir gesiggestremdes. Bandhulp vir Blindes se kantoor is in Greyville (Durban); tel.: (031) 309-4800; E-pos: director@tapeaids.org.za.

Groot dank aan al ons lesers vir jul getroue ondersteuning en skenking van boeke asook al die flukse werkers in die Biblioteek vir julle ywer en entoesiasme. Ons dank en waardering ook aan die Kokanje Aftreeoord-Bestuursvereniging vir hulp en ondersteuning. **Namens die Biblioteekpersoneel wens ons die lesers en almal in Kokanje 'n baie geseënde Kersfees en 'n voorspoedige, gelukkige en gesonde 2023 toe!**

Saartjie Smit

Nuwe boeke word geadverteer op die TV in die Voorportaal.



DIE STORIE VAN DIE LOUISIANA IRIS

Die Iris moet eintlik in water geplant word! Dis wat op die tuinbougroep gesê word. Ek moet vir my 'n dammetjie maak en my Iris daarin plant. Maar 10 jaar gelede het ek een oggend 24 blomme aan my groot plant onder die boekenhoutboom gesien. Dit was 'n teken dat dit gaan reën! Sodra 'n blomsteel uitgeblom is, knip ek die steel 'n sentimeter of twee onder die blom af, en plant dit in grond om weer 'n plant te vorm.

Begin Oktober 2022: Dis bitter droog en baie warm, die een dag warmer as die ander. Almal smag na reën. Ons hou die natuur dop vir die geringste teken van vog in die lug.

Ek kan my eie oë nie glo nie! Hierdie Iris wat ek na hoeveel jare wou uitplant in 'n dammetjie, die enigste oorblyfsel van die eertydse moederplant wat dood is nadat die boekenhoutboom een stormagtige Sondagmiddag omgewaai het, stoot sowaar 'n blomsteel uit wat reeds verdik om 'n blom te begin vorm.

Ons hou die lug dop vir wolke, maar niks. Die blomknop swel uit en 'n pers punt kruip uit. Die volgende dag gaan dit oop... dui dit reën aan of het ek dalk die spreiers oopgemaak en dit mislei? Die dag daarna het ek die verskrompelde blommetjie op die grond opgetel.

Het die blomsteel moed opgegee?

Weer probeer! Die regte tyd het aangebreek. In die saamgestelde blomknop is daar 'n paar blomme gereed om oop

te gaan as die voggehalte net reg is.

Maar die Iris het geblom waar dit geplant is. Dit was bereid om te wag tot die tyd reg is. Dit het dalk 'n fout gemaak en homself misreken. Die gety het teen hom gedraai, maar dit het nie opgegee nie.

Dit het my laat dink aan die praatjie oor die sin van my lewe te midde van verandering en verlies.



Dr Jacob van Zyl het in sy praatjie aan **ABBA** die rol van negatiewe gedagtes en hoe ons dit moet hanteer, as volg raad gegee. Volg die roete van die 4 A's.

"Aiming, renaming, claiming and taming."

Ek het dit vir myself as volg voorgestel:

Tydens 'n onlangse besoek aan Chrystal Springs word ons gewaarsku teen lastige apies. By die padstal in Pelgrimsrus koop ek vir my 'n kettie om hulle mee skrik te maak. Dit werk sowaar! Mik net na die stouterd, en maak of jy gaan skiet, en hy laat spaander!

"Aiming" **werk beslis vir my!**

Partykeer moet ons die apie net 'n ander naam gee. Noem hom op die regte naam wat jy

nou ondervind, jou verandering en verlies.

"Rename" **dit na iets positiefs.**

Klap hande en sê: "Vatso!" as die apie die bosse in vlug. Vier jou suksesvolle oorwinning oor die negatiewe gedagtes en emosies.

"Claim" **jou lewe van blyskap en geluk terug, te midde van verandering en verlies.**

Tem daardie lastige apies deur hulle somer uit die staanspoor nie welkom te laat voel nie en nie toe te laat dat hul jou lewensvreugde kom steel nie. Beheer hulle.

"Tame" **hulle sodat hulle somer padgee die oomblik as hulle net die kettie in jou hand gewaar!**

Wees buigsaam en pas aan by verandering. Maak die beste daarvan. Kleur dit in met jou mooiste kleurkryt. Donkerpers met fyner detail van kolletjies en ligter skakerings van bruin en pers – soos die Iris.

Jacob het van sy eie lirieke en toonsettings vir ons gesing.
(*Jy is 'n mens. Jacob is!*)

Jy is 'n mens na God se hart deur jou vind Hy 'n pad. Jy kan maar weet dat Hy jou hand vat in hierdie land, in die doel, die plan en in 2023.

Martha van Zyl



NS: 'n Opsomming van Dr Jacob van Zyl se praatjie is by my verkrygbaar. Sel: 082 786-4214.

‘Your Trusted Funeral Partner’



STATUS

FUNERALS | BEGRAFNISDIENSTE

*Celebration
Of Life*



Geseënde Kerstees

Our Services:

*Burial Service
Cremation Services
Death Registration
Collection Services
Local & International Repatriation
All Policy Claims
Flowers
Funeral Programmes
Catering
Chapel
Membership*

Dienste

*Begrafnis Dienste
Verassings Dienste
Sterfte Registrasie
Verwyderings Dienste
Plaaslike & Internasionale Repatriasies
Alle Polis Eise
Ruikers
Begrafnis Blaadjies
Verversings
Kapel
Lidmaatskap*

46 Joe Slovo, Modimolle, Limpopo | 24 Hours Number 066 384 4033

www.colfunerals.co.za | E-mail: info@colfunerals.co.za



ANDER FUNKSIES

Cantabile Sangers



Kersmark:



Naaldwerkkklub



Voortsetting van Jaarvergadering



POSTNET

Modimolle

014 717 3440

014 717 3441

modimolle@postnet.co.za

POSTNET  POSTNET

R109

Incl.Vat

Up to 5kg Countrywide

Delivery within 2 - 3
working days.*

Over 450 locations.

*Please allow 1 extra delivery day for outlying areas.
Maximum Actual Weight 15kg. Maximum Volumetric Weight 15kg.
Chargeable Weight is Actual or Volumetric, whichever is the greater.
Terms and Conditions Apply.

POSTNET
Courier